# Literatuur in die marge: Die plek van die middelmoot-literatuur

H.P. van Coller
Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans
Universiteit van die Vrystaat

*Summary*

Literature in the margins. The place of middlebrow literature in the literary system

*The article is based on the assumption that any literary system or literary field (which are treated here as synonyms) consists of different entities or components that are dedicated to establishing clear boundaries and even hierarchy. Within this system there is a canon based on inclusion and exclusion. These in- and excluding mechanisms are based on poetic and ideological viewpoints, therefore also on aesthetic judgements.*

*It is especially "middlebrow" (Dutch middelmaat; Afrikaans middelmoot) literature that has always been seen as a disguised threat to the established canon. In any given literary system the ratio of "middlebrow" literature to "high" literature is problematic, because it relates to the way culture is considered and the value that is placed on the discernment of such a specific category – one that essentially constitutes a compromise (between "high" and "low").*

*Middlebrow refers to culture that is neither high nor low. Yet the concept is clearly negative in nature, as evidenced by Virginia Woolf's unsent letter to the New Statesman in the '30s of the 20th century, which was included and published in The death of the moth and other essays (1942), in which she sees the "middlebrow" as an intellectually inferior group compared with those groups that are actually cultivated. The term highbrow is synonymous with intellectual and always carries the connotation of the elite and "high" culture.*

*In a recent article Huigen (2009) engages with Francken and Praamstra (2008b) following an article in which they claim that literature should be studied from the viewpoint of "literariness". Huigen (2009:254) considers such a position internationally "obsolete". With reference to Edward Said and T.E. Hulme, Huigen (2009:254) claims that aesthetic aspects play a role only in the "level of text interpretation, not in the definition of the corpus". For Huigen "literariness" is a normative concept and not a neutral instrument with which to categorise texts. He points out that the term is derived from the Russian Formalists, who viewed literary language as a special form of language that deviates from normal, everyday language. The problem is, Huigen continues, that the "literary" form of language also appears in texts that do not belong to literature (like advertisements), and much depends on how the texts are read – one could read a weather report in a literary way.*

*Huigen's "functionalist" approach to literature (also known as historicism or cultural relativism) is tantamount to an abdication of the own historical position and the result is an absolute relativism. If contemporaries' definition of literature should be taken as a guideline, then it follows logically that their estimate of value should prevail. Huigen's position denies*



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

*the fact that a definition of literature is also based on intrinsic properties (or can be), although precisely the signalling of these characteristics over time (often by peers) led to a body of literary works (the canon) arising and expanding, and not through individual preferences. Huigen's position emphasises the discontinuity rather than continuity of literature as an evolving system.*

*There has been a discussion about intrinsic value for decades (and even centuries). Herrnstein Smith (1984:11) stated, "all value is [...] the product of the dynamics of the economic system." Even Bourdieu's (1984:29) notion of habitus endorses this view. It is a system of action, perception and appreciation that people in a particular social class have internalized since childhood. Therefore, the dominant social class's taste is regarded as legitimate.*

*Value is never simply relational. Many similarities exist between the canons of music, painting, visual arts and literature in the sense that the selection of items is not only determined by historical positions (i.e., contemporary assessments), but based on intrinsic properties over time. Mere concentration on contemporaries' statements denies an entire corpus of (diachronic) reception.*

*Huigen's position implies that external conditions dominate for a definition of literature, or that there is no continuity in terms of intrinsic properties. As early as 1922 Tynjanov claimed the opposite, namely that literary evolution also entails internal changes. Alienation (Sklovskij's concept of ostranenie) rests precisely on breaking through expectations with respect to the inherent properties of texts (Fokkema and Ibsch 1977:10–26).*

*In this article it is argued that any definition of literature also involves intrinsic properties, although such a definition is indeed time-bound. Within a certain time and place there is, however, a "stabilisation" of ideas about what literature is. Within these ideas there is always a difference between "literature" and "middlebrow" literature. Since the Romantic era literature has been seen as a phenomenon that attempts to break through and distinguish itself from other discourses. Sequential approaches since Russian Formalism assumed that the literary system, as a distinct system, is also based on intrinsic characteristics. The expectation horizon lies precisely in the reader's knowledge of including intrinsic characteristics of literary works. Without much fear of contradiction, it could be said that complexity/ambiguity/polyhedrality forms a basic component of such a definition.*

*The claim that all books can be read in a particular literary way confirms precisely the perennial features of literature, as in fact the reference to "some" advertising texts illustrates literature's inherent distinguishing qualities. Another such example is Huigen's reference to "a literary reading strategy" that can be applied to a weather report. A reading strategy or way of reading is achieved only by repeated use with the understanding that it was formed because the object of inquiry necessitated it.*

*Van Boven (2009:288) assumes that middlebrow constantly determines its position with respect to the dominant culture and is therefore engaged in a "counter-discourse". Obviously this happens explicitly in only a few novels. Van Boven analyses three novels in which this phenomenon occurs. She deduces that these are "middlebrow" novels from the position assigned to them by critics, the profile of the authors, and, it should be added, their sale and listing.*

*In Afrikaans literature there are many texts that either present themselves as middlebrow (or are classified as such) or that make judgements about "higher" art forms, especially literature. In this article three novels are analysed to illustrate this: Marie Linde's Onder bevoorregte mense (1925), Joan Hambidge's Die swart sluier (1998) and Jaco Kirsten's Om na 'n wit plafon te staar (subtitled 'n Reguit roman) (2009).*

*All three novels are reflections on Afrikaans spiritual life and especially (the direction of) Afrikaans literature.*



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

*Linde is in conflict with many of the aspects that were central to poetic notions of (male) critics (like E.C. Pienaar) at the time – especially the insistence on nationalist art. Therefore, this novel is a strong counter-discourse.*

*Hambidge's work is a mockery of a particular subgenre, the smut novel, but it is also a satire on the Afrikaans literary canon and all the bizarre processes of canonisation.*

*Kirsten's "straight" novel, commenting on contemporary South Africa, especially on the failures and excesses inspired by political correctness, constitutes a serious reflection on what it means to write in Afrikaans at the current point in time.*

***Keywords:*** *canon, canonisation, literary field, middlebrow literature, poetics, taste, views on literature*

## Opsomming

Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat die sogenaamde middelmoot-literatuur ′n problematiese kategorie binne enige literêre veld is. In die eerste plek veronderstel dit ′n onderskeid tussen "hoë" en "lae" vorme van kultuur/literatuur – ′n onderskeid wat in die postmodernistiese era voorkom. Vervolgens word aangetoon dat smaak in hoë mate sosiaal verankerd in historiese verband is. Die begrip *intrinsieke waarde* word sterk deur aanhangers van ′n funksionalistiese benadering tot tekste bevraagteken. So ′n benadering gaan daarvan uit dat die begrip *letterkunde* histories bepaald is en neerkom op individuele oordele van literatore. In hierdie artikel word so ′n benadering as ekstreem bestempel, omdat dit relativisties of "historisisties" (n.a.v. Wellek 1960:10) is. Om die oordeel van wat literêr sou wees totaal oor te laat aan tydgenote, impliseer prysgawe van die eie historiese posisie en veronderstel dat die waarde-oordele van tydgenote aanvaar moet word. In hierdie artikel word ′n tussenin-posisie nagestrewe: die begrip *literêr* is histories verankerd, maar berus telkens ook op intrinsieke eienskappe van tekste. In die Wes-Europese literatuurteorie sedert die Russiese Formaliste het die opvattings oor hierdie intrinsieke eienskappe gestabiliseer. Daarom kan aanvaar word dat die middelmoot-literatuur nie slegs ′n kategorie is wat buite ′n bepaalde literêre kanon val op grond van ekstrinsieke oorwegings nie, maar ook intrinsiek onderskeibaar is van wat op ′n gegewe moment as "literêr" beskou word. In die artikel word uitgegaan van die hipotetiese aanname dat die middelmoot-literatuur nie net die literêre sisteem en kanon wil binnedring deur die volg van bepaalde strategieë nie, maar dat dit ook dikwels vanuit die periferale posisie wat dit binne ′n literêre veld inneem, kommentaar lewer op die kanon. Drie Afrikaanse romans uit verskillende historiese periodes word vervolgens ontleed as voorbeelde van sodanige "terugskryf" teen die kanon.

**Trefwoorde:** kanon, kanonisering, literêre veld, middelmoot-literatuur, poëtikale opvattings, smaak, literatuuropvattings

# 1. Inleidende opmerkings: Uitgangspunte

Oor die bestaan van ′n sogenaamde "middelmoot-literatuur" bestaan daar geen eenstemmigheid nie, veral nie in ′n postmoderne tydsgewrig nie. Wat vroeër "hoë" en ″lae" kultuurvorme geheet het, word nou gesien as deel van dieselfde

kultuurspektrum; trouens, selfs van ʼn spektrum is daar soms geen sprake nie – alle kultuuruitinge word gelyk geag. As ʼn fenomeen kwalik bestaansreg gegun word, spreek dit vanself dat ʼn definisie daarvan moeilik, selfs onmoontlik, raak.

Die hieropvolgende betoog word onderlê deur ʼn reeks voorlopige aannames of "werkhipoteses". Eerstens word uitgegaan van die aanname dat enige literatuursisteem of literêre veld (wat hier as bruikbare sinonieme hanteer word) bestaan uit verskillende entiteite of komponente, met ʼn bepaalde orde en hiërargie. Binne so ʼn sisteem is daar ʼn kanon wat gebaseer is op insluiting en uitsluiting. Hierdie in- en uitsluitingsmeganismes is gebaseer op poëtikale én ideologiese uitgangspunte, dus óók op estetiese oordele. Herskrywers (kritici én skrywers) en hekwagters is almal kanoniseerders en daarom beskermers van die kanon én van die sisteemkern (kyk in hierdie verband Van Coller 1992:167; 2001:65–70; 2002:69–71). Hulle aksies berus op hul literatuuropvattings wat ingebed is binne ʼn historiese konteks van soeke na die essensie van literatuur, hoewel hierdie opvattings tyd-ruimtelik bepaal is.

## 2. Die literêre sisteem

Oor die literêre sisteem is al boekdele geskrywe en dis algemeen bekend dat die literêre sisteemteorie teruggaan op sisteemmodelle of -teorieë wat hul beslag gekry het in ander dissiplines, veral die natuurwetenskappe en sosiologie. Dit beteken dat daar verskeie ooreenkomste bestaan tussen verskillende sisteemteorieë. Daarmee word nie te kenne gegee dat dié denke daarom wetenskaplike geldigheid verkry nie. In wese is die sisteemteorie ʼn radikale kontekstualisering wat van heuristiese waarde is. Die inherente gebrek aan sisteemdenke is die onmoontlikheid van verifikasie omdat dit ʼn interpretatiewe konstruksie is. Maar die feit dat die onbewuste (of onderbewuste) óók "onbewysbaar" is, beteken nie dat die werking daarvan nie beskrywe kan word nie, of dat opeenvolgende geslagte dieptepsigoloë se (kliniese) eksperimente en beskrywings waardeloos sou wees nie. Gebruikmaking van sisteemdenke (byvoorbeeld op die gebied van literêre vertaling, literêre geskiedskrywing en kanonisering) het ook reeds tot waardevolle insigte gelei (kyk Even-Zohar 1990; Schmidt 1989, 1992, 1996; Bourdieu 1993; Barnard 1998).

Die literatuursisteem is nie hermeties geslote nie, maar hou relasies met ander sisteme binne samelewingsverband in stand. Desondanks streef dit na ʼn sekere outonomiteit (of selfgenoegsaamheid) en bevat dit ʼn "harde" kern wat beskerm word teen indringing of radikale wysiging. Lakotos (1970) se beskrywing van ʼn wetenskaplike sisteem of paradigma bestaan uit ʼn harde, stabiele en moeilik deurdringbare kern en ʼn "sagter", meer aanpasbare periferie en is ʼn elegante beskrywing wat ook op sisteme toegepas kan word. Hoewel sisteemgrense dikwels vaag is, bestaan hulle wel en is hulle ook belangrik. Enersyds moet indringers of aanvallers van die sisteem uiteraard eers die sisteemgrens(e) oorskry of deurdring; andersyds is wysiging van die kern ook afleibaar juis uit die sisteemgrensgebied. ʼn Mens word verlei om in konkrete terme te praat: aanvalle op enige politieke sisteem (byvoorbeeld ʼn onafhanklike land) impliseer grensoorskryding. In die geskiedenis – ook die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die laat 20ste eeu – is talle grensoorloë bekend. In die Romeinse Ryk was Caesar se Galliese veldtogte ʼn vorm van grensbeskerming en het die uitgestrekte grense wat beskerm moes word, uiteindelik bygedra tot die val van die Ryk. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is grensoorloë geen onbekende begrip nie en het die meeste oorloë wat plaasgevind het, meestal gegaan om beskerming van die grens teen indringers. Maar veranderinge aan die harde kern van so ʼn land (byvoorbeeld die heersende politieke paradigma) word ook op die grens sigbaar. Dink maar aan die val van die muur in


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Duitsland en die daaropvolgende verslapping en uiteindelike verdwyning van grenskontroles.

Daar bestaan verskeie maniere om ŉ sisteem aan te val of binne te dring: De Geest (1966) se model illustreer iets hiervan (kyk ook Van Coller en Odendaal 2005). ŉ Grens kan, soos dikwels in die geskiedenis gebeur het, aangeval word deur middel van ŉ openlike konfrontasie. Sodanige indringing gee gewoonlik aanleiding tot ŉ volskaalse konvensionele oorlog en die wenner neem beheer oor. Die Tweede Anglo-Boereoorlog en die talle ander oorloë van die 20ste eeu is meestal sprekende voorbeelde hiervan. Soms word daar gerebelleer teen ŉ politieke gesag en dit gaan dikwels gepaard met terrorisme. Die talle staatsgrepe in veral Afrika en Suid-Amerika in die 20ste eeu vergestalt iets hiervan. Daar kan voorts infiltrasie plaasvind in die vorm van vermomming, soos in die geval van die houtperd van Troje. Infiltrasie kan egter ook veel meer subtiel geskied deur ŉ langdurige vorm van verbloeming, soos gewoonlik die geval is met spioenasie en die optrede van ŉ dormante agent ("sleeper") wat soms vir dekades onaktief is.

In literêre terme was die aanslag van die Dertigers (of die Nederlandse Tagtigers en Vyftigers) ŉ volskaalse openlik-verklaarde oorlog waarin almal geweet het: "The winner takes it all." Daar was verskeie rebellies in die Afrikaanse letterkunde: dié van die Sestigers, die Tagtigers, die "little magazines" en dergelike suksesvolle en minder suksesvolle staatsgrepe. Baie gevestigde kritici het oor Breyten Breytenbach gevoel soos die Trojane oor die Griekse geskenk. Hy was volksvreemd, anargisties, kommunisties en sou die volk van binne rysmier. Maar daar is selfs so gevoel oor Etienne Leroux tydens die Silbersteins-debakel én trouens ook oor Jochem van Bruggen met sy Ampie-trilogie (Viljoen 1998; Botha 1998:588; Botha 1999:647). ŉ Voorbeeld van verbloeming sou kon wees waar ŉ bekende literêre skrywer ŉ werk onder ŉ skuilnaam skryf. Weens die onbekendheid van die skrywer ontvang die werk geen aandag nie. Latere onthulling van die identiteit van die skrywer sou kon bydra tot ŉ "herontdekking" van hierdie vergete werk.

## 3. Die middelmoot, "middelmaat" of "middlebrow"

Dit is veral die middelmoot-literatuur (Engels: middlebrow literature; Nederlands middelmaat-literatuur) wat altyd gesien is as gevaar in vermomming.

> In stukken van Helman, Du Perron en Ter Braak vallen woorden als "gevaarlijk" en "vals", net als andere ongunstige typeringen zoals "schijnkunst", "kwasi-kunst", "Erzatz", "zwendel" en "kitsch". De woordkeuze maakt duidelijk waar de schoen wrong: het ging hier om literatuur die niet inzette op eenvoudige ontspanning, maar wel degelijk aanspraak maakt op een literaire status, door "de schijn van hogere bedoelingen", door de inzet van literaire technieken en middelen die echter in een smakelijk publieksproduct waren verwerkt. Dat vond men vals en gevaarlijk. (Van Boven 2009:287)

Een van die wesenlike bestanddele van die term *middelmaat* in Nederlands was die verband wat daar bestaan het tussen dié term en die burgerlike "middelklasse" – hulle wat in Nijhoff se woorde beskryf is as "de enorme hoeveelheid bank-, kantoor en winkelpersoneel, dat een boord draagt en een vouw in zijn broek" (Van Boven 2009:287). Daardie snobisme van die intellektuele adel bestaan eweneens by die Afrikaanse Dertigers en hul intellektuele woordvoerder, N.P. Van Wyk Louw. Al was hierdie voorkeur in idealistiese terme verwoord, was dit onmiskenbaar wie die woord gevoer het. In Louw (1961:67) se verwysing na Elise Muller se roman *Die vrou op die*


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

*skuit* as "'n mooi nuwe werkie van die ou soort" skemer daar duidelik 'n bepaalde snobisme deur.

## 4. Die middelmoot-literatuur en sy verhouding tot die sisteemkern

Die verhouding van die sogenaamde "middelmaat"-, "middlebrow"- of "middelmoot"-literatuur tot die "hoë" literatuur binne enige bepaalde literêre sisteem is problematies, omdat dit verband hou met die wyse waarop kultuur beskou word en watter waarde geheg word aan die onderskeiding van so 'n bepaalde kategorie wat in wese 'n tussenvorm (tussen "hoog" en "laag") veronderstel.

Peterson (1997) toon aan dat sogenaamde merkers van hoë status nie "natuurlik" is nie, maar tydsgebonde. Statusmerkers verander saam met die hele intellektuele basis waarop hulle gebaseer is en die veranderende magsverhoudings. In die jare tussen die Revolusie en Burgeroorlog in die VSA was status direk aan die familienaam, reputasie en sosiale aanvaarding verbonde. Daarom was dit moeilik om in 'n ander stad aanvaar te word en het pogings tot aanvaarding dikwels met bekendstellingsbriewe gepaard gegaan. Die volgende statusmerker was optrede en voorkoms, en daarom is mense ook ingelei in die reëls van etiket. Dit het te algemeen geraak en is vervang deur merkers van affiliasie. Daar is selfs voortgegaan met die saamstel van die sogenaamde *Social Register* (1888). Insluiting is jaloers beskerm en jou naam kon slegs met groot moeite én deur bekendstelling en die ondersteuning van ander lede toegevoeg word. 'n Kerkgenootskap was 'n ander vorm van so 'n "register". Tot op daardie stadium was status in die VSA gebaseer op sosiale, morele en ekonomiese kapitaal (Bourdieu 1984) en nie op kulturele kapitaal nie (Peterson 1997:81). Smaak, veral vir die kunste, is as moreel belangrik beskou. Die lesingtoere van Matthew Arnold in die jare sewentig van die 19de eeu in die VSA het 'n belangrike rol gespeel in hierdie verband.

Spoedig is kunswaardering gesien as tekenend van 'n ontwikkelde persoon. Die toe-eiening van kuns as statusmerker het nie bloot ontstaan nie, maar was die resultaat van 'n klasgebaseerde sosiale beweging. Daar is aanvaar dat nie alle mense in staat was om die "hoë" kunsvorme te waardeer nie en die wetenskaplike begronding hiervoor is gevind in die teorieë van die frenologie[1] waardeur die hoë voorkop ("high brow") van Shakespeare gekontrasteer is met die lae voorkop ("low brow") van 'n kannibaal. Uiteraard was dit ook 'n rasgebaseerde onderskeiding (Peterson 1997:83).

Met die opkoms van die massavermaak in die laaste dekades van die 19de eeu is dié vorme van vermaak almal as die antitese van hoë kultuurvorme gesien en daarom ook hewig aangeval. Aan die begin van die 20ste eeu was die opkomende rolprentbedryf en die Afro-Amerikaanse musiek (soos ragtime, jazz en swing) die teiken van aanvalle. Dit herinner nogal aan die hewige aanval van die verteller in Leroux se roman, *Die mugu*, op rolprentteaters as die moderne mens se tempels:

> Soos alle chromiumpaleise is die argitektuur vals: met die eerste oogopslag oorweldig die toon van die struktuur jou, alles lyk weelderig en duur – maar as jy dit van digterby beskou en daaraan krap, krummel en flenter dit weg […] vir geestelike ontvlugting is daar die chromiumpaleise, vir verdwene helde is daar moordenaars, filmsterre en menslike stories opgedis deur sinies-bekwame joernaliste. (Leroux 1958:129)

In die jare dertig van die 20ste eeu het verskeie mense gevoel dat daar ʼn nuwe kategorie geskep behoort te word – "[there were] many people who were too respectable to be called lowbrows and were too Philistine in their tastes to be called high" (Peterson 1997:84). Widdemer (1933) het toe die term *middlebrow* geskep, ʼn term wat later al wyer bekend geraak het. Lynes (1954:313) het reeds in 1949 beweer dat:

> the militant highbrow […] sees the prime threat to highbrow purity coming not from the entertainment-oriented lowbrow, but from the middlebrow, whom he regards as "a pretentious and frivolous man or woman who uses culture to satisfy social or business ambitions: who, to quote Clement Greenberg in *Partisan Review*, is busy devaluating the precious, infecting the healthy, corrupting the honest, and stultifying the wise". (Aangehaal deur Peterson 1997:85)

Vroeg reeds was daar by baie skrywers ʼn belangstelling in die sogenaamde "laer" kunsvorme soos jazz, en veral ná die Tweede Wêreldoorlog was daar groeiende belangstelling in volkskuns, veral by die intellektueles. By konserwatiewe humanistiese intellektuele (soos T.S. Eliot) en selfs Marxiste (soos Theodor Adorno) was daar in die jare veertig en vyftig van die 20ste eeu die gevoel dat die hoër vorme bedreig word deur die massakultuur wat hulle eintlik verdoem het. In die Nederlandse letterkunde is die name van Ed du Perron en Menno ter Braak bekend, en hier te lande ook die geskrifte van N.P. Van Wyk Louw, wie se vers-epos, *Raka* (1942), in wese hieroor handel. Selfs vandag bestaan die onderskeid tussen hoë en lae kultuur in byvoorbeeld die geskrifte van Allan Bloom (Peterson 1997:86).

Dit was veral Bourdieu (1984, 1986 en 1993), bekend as die "smaaksosioloog", wat daarvan uitgegaan het dat smaak ʼn kriterium was vir die tref van ʼn klasonderskeid. Dit is egter veel minder die geval as in Frankryk, waar klasonderskeidinge meer rigied is. Daar is ʼn groeiende eklektisisme in die VSA en daarom word al hoe meer gepraat van die "kulturele omnivoor".

Peterson en Kern (1996) gaan op die spoor van DiMaggio (1987) en Lamont (1992) van die veronderstelling uit dat daar in die jare negentig belangrike kulturele verskuiwings ten aansien van smaak plaasgevind het. Daar is ʼn verskuiwing van die "highbrow snob" na wat hulle die omnivoor noem. Eersgenoemde het slegs belangstelling in hoë kultuurvorme, terwyl laasgenoemde oop is vir verskeie kultuuruitinge. Laasgenoemde houding beteken nie dat onderskeidings tussen vorme van kultuur geminag word nie; dit is meer ʼn houding van kultuurrelativisme waarbinne dinge begryp en geniet word binne eie verband en volgens eie voorwaardes.

Daar word verskeie redes deur hulle aangevoer vir hierdie verandering in smaak:

a. Daar is *strukturele verandering* wat verband hou met veral die media wat hoë kunsvorme wyer beskikbaar gestel het en van sy eksklusiwiteit en ontoeganklikheid ontneem het. Terselfdertyd het die media ook die verskillende soorte estetiese smake van mense aan mekaar bekend gestel. Hierdie vermenging is uiteraard ook teweeg gebring deur migrasie en klas-mobiliteit.

b. Daar was verder ʼn belangrike verskuiwing in *waardes.* Ná die Tweede Wêreldoorlog is enige vorm van uitsluiting en eksklusiwiteit én van verskille tussen mense eintlik verdag.

c. Daar was ook fundamentele veranderings in die domein van die kunste, waar die begrip van *intrinsieke waarde* aanvaarding verloor het: "It became increasingly obvious


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

that the quality of art did not inhere in the work itself, but in the evaluations made by the art world" (Peterson en Kern 1996:905).

d. Vroeër is aangeneem dat jonger mense veral deur "stadia" gaan op weg na die hoë kultuur. Sedert die vyftigerjare van die 20ste eeu is hierdie "laer" vorme eerder toenemend gesien as alternatief tot die elite-kultuur.

e. In die verlede het statusgroepe populêre kultuur gedefinieer op wyses wat hul eie belange gedien het. Waar daar eers die pogings was om populêre kultuur te ondermyn en onderdruk, word dit nou eerder in die dominante statusgroep se kultuur geïnkorporeer.

In 'n studie deur Van Eijck en Knulst (2005) word bevind dat wat Nederland betref, daar ook 'n toename was aan "kulturele omnivore" en dat die deelname van mense in die ouderdomsgroep 20–40 in wat bestempel kan word as "hoë" kultuur ("highbrow culture"), dramaties vanaf die laaste kwart van die 20ste eeu afgeneem het. Daar was daarmee gepaard ook 'n afname in wat hulle "leisure reading" noem (Van Eijck en Knulst 2005:515). In hul bevindinge skryf hulle dit toe aan 'n paar faktore: tradisionele "highbrow culture" word gekoppel aan blanke waardes (binne die Suid-Afrikaanse konteks aan "Eurosentrisme") en so 'n voorkeur word as diskriminerend teenoor ander groepe ervaar. Een van hul belangrikste bevindings is dat die onderwysstelsel smaak bepaal. In Nederland het die geïntegreerde onderwysstelsel 'n bepalende rol in die wegbeweeg van "hoë" kultuurvorme gespeel, én die leerdergerigte benadering in die onderwys het dit ook versterk.

Dit is die middelmoot-literatuur wat die werklike ondermyner is van die sisteem, omdat dit dikwels vir dekades skynbaar sy plek ken en hom dan skielik binne die sisteem nestel. As term is dit verwant aan "middlebrow", wat skynbaar neutraal verwys na kultuur wat nie hoog óf laag is nie. Tog is die term *middlebrow* duidelik negatief van aard, soos blyk uit Virginia Woolf se ongestuurde brief aan die *New Statesman* wat in die dertigerjare van die 20ste eeu gepubliseer is en ook opgeneem is in *The death of the moth and other essays* (1942), waarin sy die "middlebrow" sien as dié groep wat intellektueel minderwaardig is vergeleke met die werklik gekultiveerdes. Die term *highbrow* is sinoniem met *intellektueel* en dra altyd die konnotasie van die elite- en "hoë" kultuur.

In die tagtigerjare van die 20ste eeu was daar groot bekommernis onder Afrikaanse kultuurverenigings dat die volk nie meer lees nie. Dit was vermoedelik omdat die letterkundige werke ontoeganklik geraak het en die temas dikwels onaanvaarbaar was. In daardie tyd is simposia oor "goeie gewilde prosa" gereël en hierdie term is gebruik naas die sinoniem hiervan, "middelmoot-literatuur". Maar ook laasgenoemde term is deur skrywers, soos Marzanne Leroux-Van der Boon (1992), as die kus van die dood ervaar:

> Dis in dié tye dat die etiket "middelmootskrywer" wat om jou nek gehang is, jou verskriklik skawe. Dat jy begin soek na definisies, dat jy begin wonder of dit die enigste taal ter wêreld is waar skrywers so meedoënloos in kategorieë ingedeel word, dat die woord LETTERKUNDE vir jou 'n yslike probleem is. Jy kyk na jou boeke wat vir skole voorgeskryf word en jy wil wanhopig skree: maar ek het tog beter goed geskryf as dit!

In die onderhoud met haar (Leroux-Van der Boon 1992) blyk ook dat sy glo dat "hoë" literatuur nie Engelssprekende kinders raak nie; "(d)is die middelmoot-werke wat liefde vir Afrikaans by hulle aankweek". Sy wil vir die man op straat skrywe, wil dié


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

dinge wat hy voel en nie kan verwoord nie, vir hom onder woorde bring "sodat hy verligting kan voel". Retories vra sy of dit nie is wat ′n skrywer moet doen nie – kennelik is sy taak nie om letterkunde te pleeg wat hoofsaaklik deur professore uitgelê kan word nie!

Uit Leroux-Van der Boon se betoog is dit duidelik dat sy meen dat toeganklikheid en tema as onderskeidende kenmerke gebruik word in die kategorisering van letterkunde. Die geval van Eleanor Baker illustreer iets van hierdie kategorisering. Vir baie lank was Baker se werk wat onder haar skuilnaam Christene le Roux én onder haar eie naam gepubliseer is, sinoniem met "goeie gewilde prosa". Oor *Splinterspel* (1973) het Brink (1974) snydend geoordeel: "Min boeke krap my meer om as dié wat wesenlik ingestel is op ′n tydskrifferige ontspanningsmark, maar dan aangebied word met literêre pretensie", maar later laat blyk hy dat Baker onbekend is aan hom en het hy kennelik vergeet dat hy ooit ′n boek van haar gerensenseer het (Human-Nel 2009:303). Tog is dit dieselfde Brink (1984) wat skielik op ′n steeds moeilik verklaarbare wyse ′n radikale ommekeer maak en Baker se roman *Weerkaatsings* (1984) bestempel as "een van die subtielste prosawerke wat lank (sic) in Afrikaans verskyn het" (Human-Nel 2009:294). Dalk was hierdie roman ′n dramatiese verbetering op haar eie vorige werk; dalk het Brink Baker persoonlik ontmoet; dalk het sy eie maatstawwe meteens verander. Hoe ook al, met een klap is Baker die kanon binnegehaal.

Soos Human-Nel aantoon (2009:306 e.v.), het Baker ′n stryd gestry met kanoniseerders omdat haar temas "vroulik" was (dit het veral gehandel oor moederskap, die eise van ′n huishouding, huwelikspanning en onvervuldheid vanweë die rol wat die maatskappy as′t ware dikteer), omdat dit toeganklik was en die binêre opposisie tussen populêre en ernstiger tekste deurbreek het, én omdat die rasseproblematiek selde in haar werk sentraal gestaan het. Daar kan aanvaar word dat haar kanonisering daarom baanbrekend was, omdat dit die weg gebaan het vir ander vroueskrywers. Mettertyd het baie vroulike skrywers se werk (mét vroulike temas) aanvaarbaar geraak vir die manlike hekwagters van die Afrikaanse kanon. Human-Nel (2009:97 e.v.) beweer dat die kanon altyd ′n konstruksie was van wit Afrikaanse mans. Hierdie sogenaamde vroulike, huislike temas het in verskillende literêre sisteme manlike kritici teen die bors gestuit – dalk één van die redes waarom Chapman (2003:202) in die volgende terme van Elisabeth Eybers praat:

> Elisabeth Eybers [...] continues to produce finely wrought verses about her personal responses to love, sickness, parenthood, age and death [...] she does epitomise, however, a *verwynde* [sic!] [refined] ideal that in this country we find in several white middle-class women poets, for whom culture means the holiday cruise to the art museums of the Mediterranean and nature means the family household.

## 5. Iets oor die definiëring van literatuur

In ′n onlangse artikel polemiseer Huigen (2009) met Francken en Praamstra (2008b) na aanleiding van ′n artikel waarin hul beweer dat literatuur bestudeer behoort te word uit die standpunt van "literariteit". Op die onderliggende kwessie van die polemiek, naamlik die (weergawe van die) geskiedenis van die Nederlandstalige literatuur in Suid-Afrika, wil ek hier nie verder ingaan nie; wél op Huigen se standpunte ten aansien van die omskrywing van die begrip *literatuur* wat hy hier helder verwoord. In billikheid teenoor Huigen moet ek byvoeg dat hy hom – hoewel nie eksplisiet nie - eintlik uitlaat oor historiese definisies van literatuur ("letterkunde").


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Francken en Praamstra (2008b) se standpunt "dat slechts die teksten voor een literatuurgeschiedenis in aanmerken komen die 'een aspect van literariteit bezitten'" word nogal summier afgemaak deur Huigen (2009:254) en hy beskou so 'n standpunt internasionaal "achterhaald". Met verwysing na Edward Said en T.E. Hulme beweer Huigen (2009:254) dat estetiese aspekte slegs 'n rol speel "op niveau van tekstinterpretatie, niet van de afbakening van het corpus". "Literariteit" is vir Huigen 'n normatiewe begrip en geen neutrale instrument om tekste mee te kategoriseer nie. Hy wys daarop dat die begrip afkomstig is van die Russiese Formaliste, wat literêre taal sien as 'n spesiale vorm van taalgebruik wat afwyk van gewone, alledaagse taal.

Die probleem is, vervolg Huigen, dat "literêre" vorme van taalgebruik ook voorkom in tekste wat nie tot die letterkunde behoort nie (soos reklametekste) en dat baie afhang van die wyse waarop die tekste gelees word; 'n mens kan 'n weerberig op 'n literêre manier lees.

> Er bestaat geen literaire essentie, zoals Francken en Praamstra lijken te denken, op grond waarvan literaire van niet literaire teksten onderscheiden kunnen worden. De social-culturele omstandigheden en de individuele lezer bepalen in de moderne periode wat als literatuur aangemerkt wordt […] alleen teksten waarvan de kritikus of literatuurkritikus wel van houdt, worden als literatuur tot het corpus gerekend dat voor beschrijving en evaluatie in aanmerking komt. (Huigen 2009:255)

Huigen se standpunt lewer enkele probleme op, ook van metodologiese aard:

- Wat Huigen op die spoor van ander 'n "funksionalistiese" benadering van literatuur noem, "waarbij de onderzoeker zich voor de afbakening van het onderzoeksgebied door de uitspraken van tijdgenoten laat leiden" (2009:257), sou goedskiks (en dalk presieser) eerder 'n "historisistiese" (kultureel relativistiese) benadering van literatuur op die spoor van Wellek en Warren (1976:38 e.v.) genoem kan word. Dit kom neer op 'n afstanddoening van die eie historiese posisie, en die gevolg is volstrekte relativisme. Indien tydgenote se omskrywing van literatuur as rigsnoer geneem moet word, dan volg dit logies dat ook hul waardeskatting daarvan behoort te geld.

- Huigen se standpunt ontken die feit dat 'n definisie van letterkunde óók (kan) berus op intrinsieke eienskappe.

- Dat juis die sinjalering van hierdie eienskappe deur die tyd heen (telkens deur tydgenote) daartoe gelei het dat 'n korpus letterkundige werke (die kanon) ontstaan het op aangroeiende wyse en nie deur individuele voorkeure nie.

- Huigen se standpunt beklemtoon die diskontinuïteit eerder as die kontinuïteit van literatuur as 'n evoluerende sisteem.

Ten opsigte van die eerste probleem stel ek die volgende: As jy die beslissingsmag ten aansien van die ontologiese status van die letterkundige werk oorgee aan tydgenote, dan moet jy dit ook doen wat die waarde daarvan betref. Dan beland jy in 'n moeras waarin Georg Philipp Telemann 'n beter komponis as Wolfgang Amadeus Mozart is; Willem Kloos en Jacques Perk tweede viool speel in die teenwoordigheid van Jacob Cats en Nicolaas Beets; en William Shakespeare geringer geag word as ander vergete tydgenote – juis omdat hulle in hul eie tyd onderskat is. Skrywers van literatuurgeskiedenisse en samestellers van bloemlesings kan hulle nooit net verlaat op omskrywings en evaluerings van die verlede nie. Hoewel hulle uiteraard ook histories


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

gebonde is aan wat Foucault (1994) hul eie ”diskursiewe formasie” noem, laat hulle hul ook lei deur dit wat juis die eie tyd oorstyg het (dus ook die oordele van tydgenote).

Oor die kwessie van intrinsieke waarde sê Van Rees, Vermunt en Verboord (1999:351):

> Characteristic of cultural goods is that their intrinsic meaning and value cannot be assessed in a univocal manner, from a single perspective; the archimedean point required to achieve this is lacking. Any provisional assessment of a product's meaning is associated with a particular view of art and culture and even on criticism itself, that is, on the method used to perform classifications.

Dit is ʼn uitspraak wat Huigen se standpunt ondersteun en duidelik van ʼn "ekonomiese perspektief" uitgaan.

Oor intrinsieke waarde bestaan daar al vir dekades (en selfs eeue) ʼn gedagtewisseling. Herrnstein Smith (1984:11) het verklaar dat "all value is radically contingent being neither an inherent property of objects nor an arbitrary projection of subjects, but, rather the product of the dynamics of the economic system". Bourdieu (1984:29) se opvatting van *habitus* onderskryf ook hierdie standpunt. Dit is ʼn stelsel van optrede, persepsie en waardering wat mense wat tot ʼn bepaalde sosiale klas behoort, van kindsbeen af geïnternaliseer het. Daarom word die dominante sosiale klas se smaak as legitiem beskou.

Waarde is egter nooit nét relasioneel nie. Baie ooreenkomste bestaan tussen die kanons van die musiek, skilderkuns, beeldende kuns en literatuur in dié opsig dat geselekteerde items nie net op grond van historiese posisies (dus eietydse evaluerings) bepaal word nie, maar ook op grond van intrinsieke eienskappe. Deur te stel dat tydgenote se uitsprake deurslaggewend behoort te wees, ontken jy by implikasie ʼn hele stuk resepsie. Waarom sou tydgenootlike lesings van Shakespeare beter en belangriker wees as die kreatiewe en kritiese resepsie van Shakespeare se werk oor die afgelope 500 jaar? Dit is tog nie so dat hierdie resepsie nét iets sê oor opeenvolgende geslagte kritici se uitgangspunte en nie ook oor Shakespeare se werk nie. Om te beweer dat daar geen literêre essensie bestaan waarvolgens literêre tekste onderskei kan word nie, is te ekstremisties verwoord.

Huigen se standpunt, soos saamgevat in die derde kolpunt ("bullet") hier bo, impliseer dat eksterne omstandighede oorheers by ʼn definisie van literatuur of dat daar geen kontinuïteit ten opsigte van intrinsieke eienskappe bestaan nie. Yuri Tynjanov het reeds in 1922 die teenoorgestelde beweer, naamlik dat literêre evolusie óók interne verandering veronderstel. Vervreemding (Sklovskij se begrip *ostranenie)* berus juis op deurbreking van die verwagting ten opsigte van inherente eienskappe van tekste (kyk o.a. na Fokkema en Kunne-Ibsch 1977:10-26).

Ek gaan daarvan uit dat enige definisie van letterkunde óók intrinsieke eienskappe betrek, hoewel sodanige definisie weliswaar tydsgebonde is. Binne ʼn bepaalde tyd en plek is daar egter ʼn "stabilisering" van opvattings oor wat letterkunde is. Daarbinne is daar altyd ʼn verskil tussen "letterkunde" en "middelmoot"-literatuur (of hoe sodanige literatuur ook al genoem word). Sedert die Romantiek is literatuur gesien as fenomeen wat verwagtinge deurbreek en ook onderskeibaar is van ander diskoerse. Opeenvolgende benaderingswyses van die Russiese Formaliste af het aanvaar dat die literêre sisteem, as onderskeibare sisteem, óók berus op intrinsieke kenmerke. Die verwagtingshorison berus juis op die leser se kennis van onder meer intrinsieke kenmerke van letterkundige werke. Sonder veel vrees vir teëspraak sou beweer kon word dat kompleksiteit/meerduidigheid/veelvlakkigheid ʼn kernbestanddeel van so ʼn


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

definisie vorm: karakters moet nie bloot eendimensioneel (goed óf sleg) wees nie, ʼn storie/plot/gebeure moet iets van ʼn noodwendigheid en logika vertoon, die struktuur moet oortuigend wees, die woordgebruik en styl gepas, die vertelwyse bykans noodwendig. Om te beweer dat jy *alle* boeke op ʼn bepaalde literêre wyse kan lees, bevestig juis die standhoudende kenmerke van literatuur.

Om te redeneer dat "enkele" reklametekste wél tot literatuur gereken kan word, impliseer juis dat literatuur onderskeidende inherente eienskappe bevat, omdat alle reklametekste andersins tot die letterkundige domein sou behoort. Nog so ʼn voorbeeld is Huigen se verwysing na ʼn sogenaamde literêre leesstrategie wat toegepas kan word op ʼn weerberig. ʼn Leesstrategie of leeswyse kom slegs tot stand deur herhaalde gebruik met die veronderstelling dat dit gevorm is omdat die objek van ondersoek dit genoodsaak het.

Talryke boeke oor intrinsieke eienskappe van letterkundige werke, oor prosaritme, prosa-eindes, die wit in die poësie, versreëleindes en dies meer bewys dat daar talle kritici en skrywers is wat my uitgangspunte deel. In die res van die artikel wil ek ook die sogenaamde middelmoot-literatuur definieer as ʼn onderskeibare kategorie literatuur wat nie net bestaan danksy die willekeur van kritici, of literatuur is wat buite tydgenootlike definisies van letterkunde val nie. Dit vertoon onderskeibare, intrinsieke eienskappe of kenmerke wat verskil van dié van daardie tekste met "literaire essentie".

## 6. The Book-of-the-Month Club

ʼn Belangwekkende studie is dié van Radway (1988) waarin sy ʼn deeglike ondersoek uitvoer na The-Book-of-the-Month Club in die VSA. Dit word beskou as "the quintessential 'middlebrow' forum" met al die intellektuele snobisme daaraan verbonde (517) en daarom konsentreer sy veral op die kriteria aan die hand waarvan boekkeuses gemaak word. Binne die heersende sosiale struktuur word hoë waarde geheg aan "rationality, complexity, irony, reflexivity, linguistic innovation and the 'disinterested' contemplation of the well-wrought artifact" (518). Wat belangrik is, is om te besef dat wanneer literêre werke wat nie hierdie eienskappe bevat nie, as mislukkings bestempel word, dit ʼn uitdrukking van sosiale mag is "which rules out the possibility of recognizing that such works and institutions might be valuable to others because they perform functions more in keeping with their own somewhat different social position" (519).

Die kriteria wat deur die keurders vir hierdie gewilde boekklub gebruik word, is nie klinkklaar nie. Dit gee wel blyke van ʼn bepaalde verwagting, naamlik dat ʼn boek "goed geskryf" moet wees, en dit beteken skynbaar "characterized by economy, condensation, and precision". Dit is wel duidelik dat die boekklub sy gekose tekste sien in opposisie met blote ontspanningsliteratuur of "trash". Hulle beklemtoon ook dat "some books can simultaneously excite the senses and stand up to aesthetic contemplation and scrutiny" (529).

## 7. ʼn Nederlandse debat: Thomas Vaessens se studie, *De revanche van de roman*

In 2009 verskyn ʼn boek van Thomas Vaessens, *De revanche van de roman,* wat verskeie aspekte waarna reeds verwys is, opnuut onder die loep neem. Vaessens is hoogleraar in die Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam en is een van ʼn


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

jonger geslag literatore (soos Geert Buelens en Jos Joosten) wat polemies omgaan met gevestigde literêre uitgangspunte én met die literêre kanon. In sy werk maak Vaessens korte mette van die letterkunde as ʼn "puur estetische" verskynsel. Hy onderskei drie stappe in die na-oorlogse Nederlandse roman. Eerstens oorheers by skrywer én kritikus ʼn selfgenoegsame outonomiteitsopvatting wat die roman aan sy eie stilistiese wette meet. Hierdie "humanistiese tradisie" het literêre gehalte probeer onderskei aan die hand van universele kriteria, moes die mens kultureel vorm en literêre oordele het berus by sogenaamde bevoegde kenners.

As tweede golf onderskei hy die postmodernisme wat die eersgenoemde uitgangspunte bevraagteken of "dekonstrueer", maar ook die kanon wat op hierdie uitgangspunte gebaseer is. Binne die postmodernisme word alles aanvaar ("everything goes") en literêre outoriteit word ondermyn. Die postmodernisme het ʼn groter relativering, ook van die eie literatuurbegrip, gebring, maar het deur bepaalde filosofiese en taalkundige speletjies ook in selfgenoegsame afsondering beland. In beide opvattings ontbreek maatskaplike betrokkenheid en is daar van kontak met mense geen sprake nie.

Veral ná 11 September 2001 is mense, volgens Vaessens, intens bewus van die realiteit van ons bestaan. Die nuwe geslag Nederlandse skrywers (soos Arnon Grunberg, Leon de Winter, Marjolijn Februari en Charlotte Mutsaers) word deur Vaessens "laatpostmodern" genoem. Hulle stel hulle veral ten doel om die verband tussen literatuur en gemeenskap te herstel en veel meer lesers te bereik, wat ook impliseer dat hulle tekste toegankliker raak. Vir Vaessens is maatskaplike betrokkenheid van skrywers (in hul boeke én persoonlik) van die grootste belang. Daarsonder verloor die letterkunde volgens hom sy relevansie in die huidige tydsgewrig.

Vaessens trek hom weinig aan van die etiket "populist" wat om sy nek gehang word en hoewel hy juridiese beskerming van skrywers wel voorstaan, vind hy dit belaglik dat skrywers hulle verskuil agter personasies in hulle boeke en die outonomiteit van die teks: "Ik vind het prettig wanneer schrijvers zeggen: ik neem nu als politicus stelling ook al gaat het ten koste van de zo hoog geprezen onafhankelijkheid van de schrijver" (Vaessens 2010:3). Vir Vaessens is die "revitalisering" van literatuur, die herstel van die band tussen literatuur en gemeenskap, veral deur die sosiaal-politieke relevansie en toeganklikheid daarvan, van die grootste belang. Dit is temas wat by herhaling voorkom by voorstanders van die middelmoot-literatuur én by skrywers van werke wat as sodanig getipeer word.

Komrij (2009:2) laat hom ietwat neerhalend oor Vaessens uit:

> Professor Vaessens heeft, en daar wordt hij ruim voor betaald, een paar meningen over literatuur. Als je de nevel ervan wegblaast blijken het respectabele waarheden te zijn, 't is alleen jammer voor zijn imago van vernieuwer en revolutionair dat het waarheden zijn die al tientallen jaren door velen worden verkondigd. Professor Vaessens is bezig ivoren torens te slechten die allang niet meer bestaan.

Die hele aandrang op betrokke literatuur en maatskaplike "engagement" (selfs die aandrang op groter toeganklikheid en relevansie van letterkundige werke) is in die Suid-Afrikaanse konteks inderdaad ʼn bietjie verouderd. Ook Schouten (2011) wys daarop dat die begeerte van Vaessens na "straatrumoer" niks nuuts is nie, maar iets is wat al dekades lank met tussenposes in die Nederlandse letterkunde geopper word.

Wesentliker kritiek spreek uit ʼn stuk van ʼT Hart (2010). Hy beskuldig Vaessens daarvan dat hy ʼn bepaalde literêre leeswyse volg waardeur romans gesien word as


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

"morele debatte" en die stories hervertel asof dit gaan om avonture van die bure. Veral bring Vaessens die morele standpunte van die verskillende personasies in kaart en dui hy die simboliese ruimtes aan waarbinne die romans hulle afspeel. Maar oor die manier waarop morele kwessies aan die orde gestel word, swyg Vaessens; ook oor skryfwyses, stilistiese en retoriese repertoire en die skryftradisie waarbinne die werk staan (2010:3). Al die aspekte waarna 'T Hart hier verwys, word gewoonlik gesien as kenmerkend van letterkundige werke. 'n Ander vraag wat gestel sou kon word, is in watter mate die skrywers wat Vaessens uitkies, werklik as verteenwoordigend van die eietydse Nederlandse romans gesien kan word en of maatskaplike betrokkenheid vir hulle almal vooropstaan.

In sy Kellendonk-lesing maak die digter Komrij (2011) 'n hele paar stellings wat met die voorafgaande verband hou en inspeel op die hele polemiek van "straatrumoer" sonder om maar een maal na enige kritikus, skrywer óf boek te verwys. Die skrywer is die draer van maskers wat aan hom ook 'n sekere immuniteit verleen, asof hy beskut is deur die *hortus conclusus* , die ommuurde tuin. Van die skrywer kan verwag word dat hy met beide bene binne die maatskappy staan, maar nie as persoon wat ou vroutjies die straat oorhelp of "outentieke" karakters skep wat vir die gemiddelde leser bestem is nie, "het befaamde middelbare meisje dat verslingerd is aan chicklit en dat soort Kluun-literatuur" (Komrij 2011:15).

Skrywers skryf nie altyd oor hulself nie en daar hoef nie altyd empatie met romanpersonasies te bestaan nie: "[W]at ons word aangesmeerd als 'maatschappelijk bevlogen' of 'uit het leven gegrepen' literatuur is welbeschouwd een literatuur die parasiteert op een verstikkende alledaagsheid en ons geen enkel uitzicht of vergezicht biedt" (Komrij 2011:18). Wat Komrij die markgedrewe moderne era verwyt, is die beheptheid met die sogenaamde "realistiese weergawe" soos wat die mense dan graag sou wou hê. En die aandrang daarop dat "toeganklike" werke "na die mense gebring" moet word.

Waarvoor Komrij pleit, is geen estetiese houding van afsydigheid nie. Maar die literatuur kan nooit straatrumoer wees nie. Literatuur behoort tot die siel van die gemeenskap en behoort ernstig opgeneem te word. Dit kan lughartig wees, maar blote verstrooiing kan dit ook nie wees nie. Groot literatuur, "dat complex van traditie, topoi en grandiose verhaallijnen", is opgeoffer aan politieke gedienstigheid. Sonder sy afstand en sy "maskers" is die literatuur gedoem.

## 8. "The middlebrow talks back": Die weerwraak van die middelmoot

Van Boven (2009:288) wys daarop dat die term *middlebrow* een is wat moeilik as neutrale beskrywende term gebruik kan word, al is daar baie pogings in hierdie verband. 'n Verdere groot probleem is om die sosiologiese standpunt (wat deur o.a. Bourdieu voorgestaan word en deur Huigen aangehang word) te versoen met 'n meer teksgerigte benadering (soos in Angelsaksiese studies) waarna Van Boven verwys. Van Boven (2009:288) staan 'n benadering voor wat "middlebrow" sien as 'n groep werke met 'n generiese identiteit van sy eie – omdat, sê sy, "we anders niet verder komen dan een herhaling van het beeld van de middlebrow-roman als […] the 'other' of the modernist or avant-garde novel".

In haar benadering fokus sy dus op die "middlebrow"-romans as 'n groep werke met 'n eie posisie en eie agenda, dus vermenging van hoë en triviale elemente. Verder gaan sy


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

daarvan uit dat die "middlebrow" deurgaans sy eie posisie bepaal ten opsigte van die dominante kultuur en derhalwe besig is met ŉ sogenaamde "counter-discourse". Vanselfsprekend gebeur dit slegs in enkele romans eksplisiet. Van Boven ontleed vervolgens drie romans waarin hierdie fenomeen voorkom. Dat dit om "middlebrow"-romans gaan, lei sy af uit die plek wat kritici daaraan toegewys het, die profiel van die skrywers, en, sou bygevoeg kon word, die verkope en die aanbieding self.

## 9. Drie Afrikaanse middelmoot-romans as voorbeeld van ŉ "counter-discourse"

In die Afrikaanse letterkunde is daar heelwat tekste wat hulle óf aanbied as middelmoot óf as sodanig geklassifiseer word, én wat uitsprake maak oor "hoër" kunsvorme, veral die letterkunde. Hier onder word drie sodanige tekste bespreek.

### *9.1 Onder bevoorregte mense*

Marie Linde (skuilnaam van Elise Bosman) se debuutwerk *Onder bevoorregte mense* (1925) het in 1924 ŉ prosawedstryd gewen. Roos (1992:44) verwys na Rob Antonissen en P.C. Schoonees se aanvanklike resepsie daarvan: hoewel hulle besprekings patroniserende kensketsings van hierdie roman – wat dan ligte leesstof vir dames sou wees – bevat, word die kritiek (selfs van Schoonees, wat aanvanklik vleiend was) algaande krasser.

Antonissen (1956:160) meen dat die werk enkele goeie eienskappe bevat, soos "goeie tipering van die milieu, ten dele inwendige motivering van die gebeure, en die behandelde tema self. Tog bly dit maar middelmatige literatuur, weens die onbelangrikheid van die hoofpersoon en die kragtelose skryftrant." Ook Dekker (1958:150) vind Linde se eersteling haar beste werk, en sonder haar realisme en die kritieklose wyse waarop die egoïstiese Ben uitgebeeld word, as verdienstelik. Die uitbeelding van Bettie raak algaande "oppervlakkig". Kannemeyer (1978:197) eggo Antonissen byna woordeliks in sy aanprysing van die milieuskildering en Dekker wat betref die uitbeelding van Ben "wat objektief en sonder enige vooroordeling van die kant van die verteller voorgestel word" en van die hoofkarakter wat "geen diepte" het nie.

Roos (1992:51) gee ŉ paar moontlike redes vir die verskuiwing in waardering van hierdie soort boeke (*Onder bevoorregte mense* van Marie Linde, *Oogklappe* van Meg Ross en Eva Walter se *Eensaamheid*). Sy spekuleer dat die kritici "wat sedert die veertigerjare die norme daargestel en die geskiedenis geskryf het" negatief was oor hierdie romans wat nie ingepas het in "'n geïdealiseerde Volk- en vaderlandvisie nie" en wat nie "die mite van die Boer en sy liefhebbende, hardwerkende vrou onderskryf het nie" (Roos 1992:51). In hierdie soort romans vervolg Roos, het die vroulike karakter se "konvensionele rol as ondersteuner, moeder, verdrukte of selfs rebellieuse eggenote" geen plek nie.

Kannemeyer (1978:199) beskou Linde se "woordstroom oor kleinburgerlike sake op die lange duur onhoudbaar. Daarby is die skyn van diepsinnigheid wat sy met die ideologie en toespitsing op aktuele sake wil bereik, uiters pretensieus."

John (1994:15) beweer dat die roman ook gelees kan word as ŉ worsteling "met die vraag wat dit beteken om ŉ kunstenaar in Suid-Afrika gedurende die twintigerjare van hierdie [die 20ste] eeu te wees." Hy voer aan dat die werk gemarginaliseer is deur die


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Afrikaanse kanonisering omdat dit ideologies onaanvaarbaar sou wees vir Afrikaanse kritici, want dit was "ontgogelend krities ingestel […] ten opsigte van die heersende estetiese ideaal." Volgens John word 'n Europees-gesentreerde kunsinstelling in hierdie roman afgewys ten gunste van "'n onafhanklike Afrikaanse estetiek". Dit sou dan volgens John "die Afrikaanse estetiese uitdrukking, die moontlikheid om op universaliteit aanspraak te maak [ontneem], aangesien dit 'n groepsgebondenheid pertinent aandui as 'n voorvereiste vir 'n gangbare Suid-Afrikaanse estetiek."

*Onder bevoorregte mense* word gewoonlik bestempel as 'n sosiale-probleem-roman wat sentreer rondom aktuele vraagstukke van die twintigerjare van die 19de eeu, soos sosiale klasseverskil en die armblanke-vraagstuk, vroueregte, die nasionalisme en die kuns as sosiale verskynsel. Die opera- en liederesangeres Adeline Rademeyer en haar advokaatman, Hendrik, stel eers vir Bettie Erkel aan as kindermeisie, alvorens hulle haar later ook aanneem. "Jy's 'n proefneming [...] 'n eksperiment [...] moet dit maar nie vergeet nie," word sy op wrede wyse deur Adeline aan dié *Pygmalion*-proefneming herinner (95). In die proses word Bettie se voorkoms verander, begin sy 'n smaak ontwikkel vir klassieke musiek en dans, leer sy Engels vlot praat én trou sy later met 'n *bon vivant*-skilder wat elf jaar in die buiteland gewoon het, maar wat tog sy Afrikaner-wortels herontdek (137-8).

Hierdie roman is derhalwe ook 'n ontwikkelingsroman waarin die armoedige weeshuismeisie, Bettie, se sosiale evolusie geteken word. *Stand* is egter 'n skeldwoord waaraan sy nie kan ontkom nie en by geleentheid sê sy vir haar spieëlbeeld: "Jy is nie 'n meid nie en jy is nie 'n dame nie" (84). Die sosiale verwagtings waaraan 'n "dame" moet voldoen, soos brug-, tennis- en klavierspeel, sing en briewe skryf (345) is die tipiese eietydse eienskappe van 'n Engelse dame. Daarteenoor ag Ben se vader die beskeie Bettie, wat sonder astrantheid is, hoog (343).

Dit sou nie absurd wees om hierdie roman ook as satire te lees nie. Hooghartige, "kunssinnige" mense met 'n minagting vir die eie, Afrikaanse kultuur, soos Adeline, Ben en Aletta word by tye genadeloos gesatiriseer. Maar ook die oppervlakkige Bettie ontkom dikwels nie aan kritiek nie. As satiriese norm geld Hendrik, die ryk advokaat wat in 'n Engelse omgewing leef, maar trou bly aan nasionale beginsels en ook Ben se vader met sy afkeer van pretensie en hooghartigheid.

Die roman is meer as 'n blote aanval op tradisionele rolle en waardes. Die onafhanklike Adeline met haar skynbaar promiskue verlede wat sy sorgvuldig verborge hou vir haar man (223) bly weliswaar onvervuld in haar huwelik omdat sy haar kreatiwiteit wil uitleef, maar sy besef dat dit ook ongelukkigheid meebring (438). Wat sterk na vore kom in die roman, is nie primêr kritiek op die tradisionele huwelik nie, maar die standpunt dat geluk wél ook te vind is buite die huwelik, soos mevrou Stahl, Aletta en Enid aantoon.

In die roman word korte mette gemaak van die pretensieuse kunstenaar (25), die romantiese beeld van die kunstenaar wat 'n boheemse bestaan voer (154), al die "ismes" wat die kuns oorheers (210) en die opvatting dat die estetiese alleen opgesluit is in die klassieke Europese kunsvorme soos die opera, liedere en dergelike meer.

Maar John oordryf wanneer hy beweer dat die estetiese ideaal in hierdie roman (bloot) een is wat na 'n Afrikanerkuns streef. Wat beweer word, is dat die skone, die "klassieke", óók kan voorkom in die volkskuns, iets waarmee Van Wyk Louw dit volkome eens sou gewees het. By verskeie geleenthede word gesê dat Afrikaanse volksliedere juis 'n Europese herkoms het. Hendrik spreek sy waardering uit vir "daardie eenvoudige liedjies" wat vir hom baie mooier klink "as al die klassieke operas


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

waarmee jy so dweep" en "Adeline verswyg maar vir hom dat die lied 'Lied der Meermädchen' wat sy soëwe gesing het uit 'Oberon' afkomstig is" (193).

Louis Cloete is die voorloper van die Dertigerdigter:'n gekultiveerde man wat poësie uit Frans vertaal, maar wat vir sy tesis Afrikaanse volkliedjies as onderwerp het! (169). Daar word verwys na tradisionele Afrikaanse verse soos "Di steweltjies van Sannie", "Wanneer kom ons troudag Gertje" (197) en "Mooie meisies, fraai bloeme" (198), maar daar word ook verwys na Leipoldt se digbundel *Uit drie wêrelddele* (1923) wat die nasionale en lokale verbystrewe. Dit waarvoor in hierdie roman gepleit word, het duidelik nasionalistiese ondertone: trots op Afrikaans en die Afrikaanse kultuur (24, 29, 38, 53, 117, 137, 138), moedertaalonderrig (247) en 'n eie Afrikaanse geesteslewe, maar óók waardering van die klassieke en Europese (111 en 112). En hoewel dit lyk asof daar 'n voorkeur vir blote realistiese kuns uitgespreek word (138, 139, 154), word óók gepleit vir representasie van die skoonheid van die menslike liggaam (217). In feite is hierdie roman 'n besinning oor die rigting van die (Suid-)Afrikaanse kuns en literatuur in 'n tydperk toe emansipasie nog net 'n ideaal was en beliggaam dit baie van die ideale wat veral deur Van Wyk Louw verwoord is.

Hoewel hierdie roman vanweë onder andere die (vroulike) tematiek deur kritici bestempel is as 'n "damesroman" en derhalwe as middelmoot-literatuur, is dit steeds 'n besinning oor die Afrikaanse geesteslewe én veral die (rigting van) die Afrikaanse letterkunde. Met veel van die aspekte wat destyds sentraal gestaan het in die poëtikale opvattings van die (manlike) kritici (soos E.C. Pienaar), is die skryfster dit oneens – veral die blote aandrang op nasionalistiese kuns. Daarom vorm hierdie roman deel van 'n sterk kontradiskoers.

### *9.2 Die swart sluier*

As gekyk word na die vroeëre definisies van middelmoot-literatuur as toeganklike literatuur, voldoen die poësie van Joan Hambidge in hoë mate daaraan.[2] Dit is toeganklike poësie; dit beantwoord gewoonlik aan die verwagtinge van Hambidge-lesers, daar dit dikwels bepaalde stylgrepe vertoon (byvoorbeeld die intertekstualiteit; die parodie); dit is vol patos en patetiek; dit is dikwels praatverse wat die "gewone praattaal" representeer. Dit is veral die selfbewustheid (wat ooreenstem met die die literêre funksie van Roman Jakobson) en die talle verwysings (na filmsterre, digters, skrywers en dergelike) wat aandui dat dit nie as middelmoot bedoel is nie.

Hambidge se roman *Die swart sluier* (1998) word egter wél doelbewus aangedien as "hygroman", dit wil sê behorende tot die ontspanningsliteratuur, hoewel dit eintlik geen roman is nie, maar verskeie novelettas. Dit is reeds die *storie*, wat handel oor 'n skrywer, Sonja Verbeek, haar liefdesverhouding(s) en haar besoek aan die Welkomse Leeskringseminaar, wat die leser laat vermoed dat daar 'n slang in die gras van dié liefdesparadys is. In wese is hierdie roman 'n persiflage van 'n bepaalde subgenre, naamlik die hygroman, maar dit is ook 'n satire op die Afrikaanse literêre kanon én al die bisarre prosesse van kanonisering. Beroemde (of dan bekende) figure uit die kanon skuur skouers met ewe bekende romankarakters, wat vanselfsprekend aanleiding gee tot vermaaklike tonele.

Knap is die gebruikmaking van bepaalde beskrywings uit bekende Afrikaanse romans, soos die beskrywing van die "Allesverloren se plastiekswaan" wat Leroux se Welgevonden oproep. Die satire strek egter verder as bloot literêre alliansies en onderonsies (ook van amoreuse aard). Daar word die spot gedryf met literatore se voortdurende verwysing na Franse (taal)filosowe (19), wat vanselfsprekend ook selfspot is, die opgeblase styl van skrywers word geparodieer (32), bepaalde tekste (*Die*


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

*son struikel,* 45), die "manlikheid" van Strachan-karakters (72), en selfs met navorsing oor die plaasroman (79). ʼn Stukkie metakommentaar word ook ingevoeg (68), op die een vlak as satire van die metanarratiewe werkwyse wat destyds hoogty gevier het in die Afrikaanse letterkunde (soos in Koos Prinsloo se *Jonkmanskas*), op ʼn ander as aanwysing van hoe hierdie teks van Hambidge ook gelees sou kon word: as ʼn teken wat moontlik heenwys na "(outo)biografiese" aspekte van die skrywer, te wete lewe én poëtika. Wat in ʼn ander genre (byvoorbeeld ʼn "ernstige" roman) dalk beskou sou kon word as selfbehep, oppervlakkig of gewoon laf, word binne die vorm van die middelmootliteratuur (want die "hygroman" was bedoel as intelligente vermaak) ʼn vorm van kommentaar op kernaspekte die Afrikaanse literêre sisteem.

Hierdie roman kan derhalwe as ʼn kontradiskoers beskou word; by tye ʼn skerp aanval op aspekte van die kanon, maar vanweë die "verpakking" daarvan in die vorm van ʼn middelmootteks, geredeliker aanvaar en makliker verteerbaar deur die sisteem en sy agente soos kritici.

## *9.3 Om na ʼn wit plafon te staar*

ʼn Onlangse Afrikaanse roman wat eweneens sigself (volgens die omslag, die aanslag én bemarking) aanvanklik aandien as blote ontspanning, is Jaco Kirsten se werk *Om na ʼn wit plafon te staar* (2009) met as subtitel *ʼn Reguit roman.* In hierdie "reguit" roman word eerstens op ʼn nogal onthutsend reguit manier kommentaar gelewer op die eietydse Suid-Afrika, veral die gebreke en vergrype ingegee deur politieke korrektheid. Die roman speel af in die binnekringe van ʼn dagblad wat herinner aan *Die Burger* en die binnewerkinge van ʼn magtige persgroep wat ook nie soveel verskil van Naspers nie. Hierdie indruk van ʼn sleutelroman word versterk deurdat selfs buitestanders bepaalde karakters soos Koos Bekker, Lizette Rabie, Amanda Gouws en André P. Brink dadelik kan herken.

Kirsten lewer egter ook deurgaans kommentaar op die literêre lewe van vandag en skets ʼn prentjie wat bepaald nie vleiend is nie. Sy hoofkarakter, Lourens Erasmus, staan ook ver van die metroman wat sensitief, sag, pasifisties is en dus die droombeeld van geëmansipeerde vroue versinnebeeld. Hy is ʼn geskeide man wat diens gedoen het op die grens, wat nie nee sê vir terloopse seks nie, wat van rugby hou en wie se enigste toegewing wat drank betref, die feit is dat hy Diet Coke by sy rum drink. Lourens het ʼn hekel aan mannetjiesagtige vrouens en verwyfde mans wat bars van politieke korrektheid, pretensie en skynheiligheid van alle aard. Onder sy bruuske uiterlike skuil daar ʼn goeie mens met bepaalde waardes (soos eerlikheid en openhartigheid) wat nie skroom om sy sê te sê nie. Omdat hy verwar word met die gay Laurens Erasmus kry hy die opdrag om ʼn roman te skrywe. Hierdie worstelstryd om binne ʼn spertyd iets neer te pen (wat ʼn mens gerus ook sou kon sien as metakommentaar) bied genoeg ruimte vir besinning oor die eietydse Afrikaanse letterkunde, die skryfproses self, skryfskole, kunsredaksies (veral boekeredakteurs), die aard van ʼn roman én die politieke voorskriftelikheid waaraan ʼn eietydse Afrikaanse skrywer onderworpe is.

Oor *Kontrei*, wat hoë lof ingeoes het, word kortweg gesê: "Genugtig, Kleinboer, nogal ʼn debutant, skryf ʼn boek oor meidnaai en wen ʼn prys" (21). En: "Eben Venter is dalk een van die laaste van ʼn geslag wat kan skilder met woorde" (24). Hy besef dat dit deesdae moeilik is vir ʼn wit man om ʼn boek te publiseer. Daarom oorweeg hy dit om ʼn boek in Standaardafrikaans voor te lê, maar te maak asof hy bruin of swart is, "[e]en wat dalk van ʼn voormalige Model C-skool is en Ôfrikôns praat soos Elana Afrika" (32). Wanneer hy sê "ʼn kroeg is ʼn plek van transformasie" (56), blyk dit dat Lourens ook sy Leroux (en bes moontlik sy Jaco Fouché) ken. Temas is ʼn ander mynveld. Mislukte liefde is


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

slegs vir vroueskrywers beskore, en hy sien ook nie kans om sy seksuele wasgoed in die openbaar op te hang (soos Kleinboer) nie.

Van sy siniese vriend kry hy die volgende ses wenke (64):

- Skrywe oor enigiets wat esoteries is, want resensente is dol daaroor – "kak soos intertekstualiteit en so aan […] resensente is mal daaroor en dit laat hulle slim voel as hulle dit raak sien. Veral Joan Hambidge is goed daarmee en miskien gooi sy ′n bietjie van Umberto Eco en die semiotiek in. En as jy gelukkig is, dan fok sy jou nie op met ′n verwoestende resensie nie."
- "Die ander formule is om ′n moderne weergawe van ′n ou storie te doen."
- "En dan kan jy natuurlik heeltemal jags wees en net oor naai skryf."
- "Of jy kan oor dwelmmiddels skryf."
- "[D]aar is eintlik net iets soos tien of so stories […] alles is eintlik ′n klomp kak wat al reeds geskryf is."
- "[V]eral jong skrywers moet skryf oor die goed waarmee hulle vertroud is."

Veel later vra Lourens se uitgewer sy hiperpolities-korrekte redakteur: "Maar is dit nie die doel van skrywers, van kunstenaars om heeltyd die heersende orde te bevraagteken nie? Om vrae te vra, om heilige koeie te slag om […] die hele openbare diskoers eerlik te hou nie?" (176).

So word hierdie boek wat "nooit geskryf [is] vanuit die benoude dampkring van die Afrikaanse literêre wêreld nie" (196) ′n ernstige besinning oor die vraag wat dit beteken om in die huidige tydsgewrig in Afrikaans te skrywe. Nie in die vorm van ′n metaroman of postmodernistiese geskrif wat maklik as pretensieus sou kon deurgaan nie, maar juis in die vorm van ′n (skadelose) ontspanningswerk. Hierdie roman word sodoende ′n "terugskryf" teen die kanon in, eintlik teen die eietydse bewakers van die kanon wat politiese korrektheid só verabsoluteer dat eerlikheid by die deur uitgegooi word.

## 10. Samevatting

Met hierdie ondersoek wou ek eerstens aantoon dat die middelmootliteratuur, en dus ook letterkunde, die teenhanger daarvan, onderskei (kan) word as aparte kategorieë. Werke wat as middelmoot, "middlebrow", "middelmaat" of selfs "populisties" beskrywe word, is meestal toeganklik, (lokaal-)realisties en maatskaplik betrokke. ′n Eenvoudige verhaalstruktuur, ouktoriële vertelwyse, "*telling*" eerder as "*showing*", blokkarakterisering, groot ooreenstemming tussen *storie* en *verhaal*, en beantwoording aan lesersverwagtings word wyd gesien as kenmerkend van hierdie tipe literatuur (kyk o.a. Botha, Botha, Olivier e.a. 1990:85-107).

Dit is egter ook so dat bepaalde werke binne ′n bepaalde historiese tyd as middelmoot geklassifiseer word omdat hulle nie beantwoord aan die heersende ideologiese en/of poëtikale opvattings nie. Uit Roos (1992:49–51) se opname blyk duidelik dat al drie die "damesromans" waarna sy verwys wat taal en styl betref, hoegenaamd nie agter staan by tydgenootlike romans van manlike skrywers soos D.F. Malherbe en Jochem van Bruggen nie; hier "is ′n skerper toon, ′n meer betrokke tematiek, ′n realistieser


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

perspektief en is die karakters meer gekompliseerd". Sy opper dan die legitieme vraag of die (manlike) kritici "wat sedert die veertigerjare die norme daargestel en die geskiedenis geskryf het, dalk nie vrede gehad [het] met hierdie romans wat glad nie ingepas het in 'n geïdealiseerde Volk- en Vaderlandvisie nie; met werke wat geensins as didakties/moraliserend, of selfs as romanties-realisties beskryf kan word [nie]" (Roos 1992:51). Die studie van Human-Nel (2009) bevestig in hoë mate hierdie vraag van Roos.

Schoonees beoordeel *Onder bevoorregte mense* in 1924, 1939 en in 1950 telkens anders en toenemend negatief (Roos 1992:45). Vanselfsprekend kan sy oordele toegeskryf word aan sy veranderende visie van literatuur, maar dit wil ook voorkom asof dit 'n illustrasie is van 'n strategiese posisie-inname binne die literêre veld waar 'n kritikus sy eie oordele aanpas by dié van die heersende sienings. Wat egter duidelik is, is dat die benaming "middelmoot" 'n bepaalde werk tot die vergeethoek verdoem en onskadelik maak. Dit kan gesien word uit die reeds gesiteerde oordele van (manlike) literatuurhistorici wat in hoë mate mekaar eggo.

Ek het ten slotte probeer aantoon dat die periferale posisie van middelmootliteratuur egter ook soms bepaalde voordele inhou vir die skrywers daarvan. Dit bied aan hulle die beskutting om aanvalle op die heersende literêre sisteem te loods, om "terug te skrywe" by wyse van spreke. En dit is dalk juis hierdie "terugskrywe" wat later vir hulle 'n plek binne die kanon gaan gee.

Al drie werke waaraan ek aandag gegee het, is binne veral historiese verband belangrik, maar ook intrinsiek nie sonder meriete nie. Roos (1992) bespreek Linde se werk uitvoerig en oorwegend positief. Kirsten se werk is geslaagd indien 'n redelik standaard definisie van 'n goeie boek gebruik word: dit is vlot geskryf, het 'n interessante storie, bevat knap karakteriserings en is 'n geslaagde kombinasie van erns en luimigheid (kyk ook Radway hier bo vir ander kenmerke wat ruimskoots by Kirsten voorkom). Wat dit egter onomstootlik as letterkunde kenmerk volgens heersende verwagtings, is die metanarratiewe aard daarvan, metafiksie synde een van die belangrikste kenmerke van eietydse prosawerke. Hambidge se roman is 'n rasegte satire en daarom in 'n mate ook tydgebonde omdat die satire 'n gerigte aanval is; in haar geval van die Afrikaanse letterkunde – veral – op 'n bepaalde tydstip.

Al drie werke is egter belangrik omdat hulle op 'n geslaagde (lees: literêre) wyse kommentaar lewer op die letterkunde én die letterkundige bedryf van 'n bepaalde era. Dit alleen waarborg hulle 'n vaste, hoewel periferale, posisie in die kanon.

## Bibliografie

Antonissen, R. 1956. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

Baker, E. 1973. *Splinterspel.* Johannesburg: Perskor.

—. 1984. *Weerkaatsings: 'n Sprokie.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Barnard, R. 1998. Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: Die rol van N.P. Van Wyk Louw. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Botha, E. 1998. Etienne Leroux. In Van Coller 1998.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

—. 1999. Jochem van Bruggen. In Van Coller 1999.

Botha, M.C., E. Botha, F. Olivier, H. de Kock, E. Baker, H. van Coller, E. van Heerden en M. Prins. 1990. Fasette van ’n fokus op 80. *Tydskrif vir Letterkunde*, 28(1):85–107.

Bourdieu, P. 1984 [1979]. *Distinction: A social critique of the judgement of taste.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

—. 1986 [1983]. The forms of capital. In Richardson (red.) 1986.

—. 1993. *The field of cultural production. Essays on art and literature.* Cambridge: Polity Press.

Brink, A.P. 1974. Dié boek word ’n aanklag teen uitgewer. *Rapport,* 31 Oktober, bl. 19.

—. 1984. Só trap resensent darem nie modder op goeie, lekker boek nie! *Rapport*, 20 Januarie, bl. 14.

Chapman, M. 2003. *Southern African literatures.* Pietermaritzburg: UKZN Press.

De Geest, D. 1966. *Literatuur als systeem, literatuur als vertoog. Bouwstenen voor een functionalistische benadering van literaire verschijnselen.* Leuven: Peeters.

—. 1997. Systems theory and discursivity. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):161–75.

Dekker, G. 1958. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Kaapstad: Nasou Beperk.

DiMaggio, P. 1987. Classification in the arts. *American Sosiological Review*, 5:440–5.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1):1–268.

Faubion, J.D. (red.). 1994. *Michel Foucault, aesthetics, method and epistemology.* Londen: Penguin.

Fokkema, D.W. en E. Kunne-Ibsch. 1977. *Theories of literature in the twentieth century.* Londen: C. Hurst & Co.

Foucault, M. 1994. On the archaeology of the sciences: Response to the epistemology circle. In Faubion (red.) 1994.

Fouché, J. 1997. *Paartie by Jake’s.* Kaapstad: Queillerie.

Francken, E. en O. Praamstra (reds.). 2008. *Heerengracht Zuid-Afrika. Nederlandse literatuur van Zuid-Afrika.* Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.

—. 2008. Een vierde kwartier in de Nederlandse koloniale en postkoloniale literatuur. De Nederlandse literatuur van Zuid-Afrika. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 124(2):141–58.

Hambidge, J. 1998. *Die swart sluier.* Kaapstad: Tafelberg.

Herrnstein Smith, B. 1984. Contingencies of value. In Von Hallberg (red.) 1984.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Hjort, M. (red.). 1992. *Rules and conventions. Literature, philosophy, social theory.* Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Huigen, S. 2009. Kwesties van literariteit en (dis)continuïteit in Nederlandstalige Zuid-Afrikaanse literatuur. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 125(3):253–63.

Human-Nel, M.J. 2009. Die impak van sosiologiese verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

John, P. 1994. "O, my kuns!" 'n Semiotiese analise van die estetiese problematiek in *Onder bevoorregte mense* deur Marie Linde. *Tydskrif vir Letterkunde*, 32(2):12–24.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur.* Kaapstad: Academica.

Kirsten, J. 2009. *Om na 'n wit plafon te staar. 'n (Reguit) roman.* Kaapstad: Tafelberg.

Komrij. G. 2009. Lucifer in het hooi. Komrij Blog, Zaterdag 29 Augustus 2009. http://www.komrij.blogspot.com/search?=vaessens (9 April 2011 geraadpleeg).

—. 2011. *De triomf en treurigheid van de vermomming.* Kellendonklezing. Macxmedia: Nijmegen.

Lakatos, I. 1970. Falsification and the methodology of scientific research programmes. In Lakatos en Musgrave (reds.) 1970.

Lakatos, I. en A. Musgrave (reds.). 1970. *Criticism and the growth of knowledge.* Cambridge: Cambridge University Press.

Lamont, M. 1992. Money, morals, and manners: The culture of the French and the American upper-middle class. Chicago, IL: University of Chicago Press.

Leroux, E. 1958. *Die mugu.* Kaapstad: H.A.U.M.

Leroux-Van der Boon, M. 1992. Middelmoot-etiket kan jou "skawe". Onderhoud met Theunis Engelbrecht. *Beeld Kalender,* 23 Julie, bl. 2.

Linde, M. 1925. *Onder bevoorregte mense.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Louw, N.P. Van Wyk. 1961. *Vernuwing in die prosa.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Lynes, R. 1954. *The tastemakers.* New York:Harper.

Peterson, R.A. en R.M. Kern. 1996. Changing highbrow taste: From snob to carnivore. *American Sociological Review*, 61(5):900–7.

Peterson, R.A. 1997. The rise and fall of highbrow snobbery as a status marker. *Poetics*, 25(2/3):75–92.

Radway, J. 1988. The Book-of-the-month Club and the general reader:On the uses of "serious" fiction. *Critical Inquiry*, 14(3):516–38.

Richardson, J.G. (red.). 1986 [1983]. *Handbook of theory and research for the sociology of education.* New York: Greenwood.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Roos, H. 1992. Drie "dames-romans". *Tydskrif vir Letterkunde*, 30(2):41–52.

Ross, M. 1925. *Oogklappe.* Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

Schmidt, S.J. 1989. *Die Selbstorganisation des Sozialsystems Literatur im 18. Jahrhundert.* Frankfurt am Main: Suhrkamp.

—. 1992. Conventions and literary systems. In Hjort (red.) 1992.

—. 1996. A systems-oriented approach to literary studies. *Canadian Review of Literature*, 24(1):119–36.

Schouten, R. 2011. Cynische romans zijn niet cool meer. *Trouw.* http://www.trouw.nl/tr/nl/4324/Nieuws/article/detail/1131420/2009/04/04/Cynische-romans-zijn-niet-cool-meer.dhtml (9 April 2011 geraadpleeg).

'T Hart, K. 2010. Het moet van de professor allemaal anders. *De Groene Amsterdammer.* http://www.groene.nl/2009/15/het-moet-van-de-professor-allemaal-anders (9 April 2011 geraadpleeg).

Van Boven, E. 2009. De middlebrow-roman schrijft terug. Visies op elite en "hoge literatuur" in enkele publieksromans rond 1930. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 125 (3):285–305.

Vaessens, T. 2009. *De revanche van de roman. Literatuur, autoriteit en engagement.* Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.

—. 2010. Onderhoud met Thomas Vaessens: "Schrijvers durven het publieke debat niet aan". *NRC Boeken.* http://www.nrcboeken.nl/interview/schrijvers-durven-het-publieke-debat-niet-aan (9 April 2011 geraadpleeg).

Van Coller, H.P. 1992. Die Afrikaanse letterkunde en taalvaardigheid binne die konteks van kommunikasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 32(3):165–77.

—. (red.). 1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.

—. (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik.

—. 2001. N.P. Van Wyk Louw as kanoniseerder. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(1):63–72.

—. 2002. Die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(1):66–77.

Van Coller, H.P. en Odendaal, B.J. 2005. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 1: Oorwegings vir 'n beskrywende model. *Stilet*, 17(3):1–17.

Van Eijck, K. en W. Knulst. 2005. No more need for snobbism: Highbrow cultural participation in a taste democracy. *European Sociological Review*, 21(5):513–28.

Van Rees, K. en G. Dorlijn. 2006. Het Nederlandse literaire veld 1800–2000. In Van Rees en Dorlijn (reds.) 2006.




ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Van Rees, K., J. Vermunt en M. Verboord. 1999. Cultural classification under discussion. Latent class analysis of highbrow and lowbrow reading. *Poetics*, 26(5/6):349–65.

Van Rees, K. en G. Dorlijn (reds.). 2006. *De productie van literatuur. Het Nederlandse literaire veld 1800-2000.* Nijmegen: Vantilt.

Viljoen, H. 1998. Breyten Breytenbach. In Van Coller (red.) 1998.

Von Hallberg, R. (red.) 1984. *Canons.* Chicago: University of Chicago Press.

Walter, E. 1925. *Eensaamheid.* Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

Wellek, R. 1960. Literary theory, criticism, and history. *The Sewanee Review*, 68(1):1–19.

Wellek, R. en A. Warren. 1976 [1949]. *Theory of literature.* Harmondsworth: Penguin Books.

Widdemer, M. 1933. Message and middlebrow. *Saturday Review of Literature*, 18 Februarie, bl. 433–4.

Woolf, V. 1942. *The death of the moth.* New York: Harcourt Brace.

## Eindnotas

[1] Die frenologie was ′n pseudowetenskaplike en intellektueel gediskrediteerde teorie wat geglo het dat mense se uiterlike tekenend is van onder andere hulle intelligensie. Mense met hoë voorkoppe sou hiervolgens besonder slim wees. Vandag word die term *highbrow* met ironie gebruik (http://en.wikipedia.org/wiki/Highbrow[2010/02/11).

[2] Roos (1992: 41) bestempel "gewilde prosa" as "dié soort verhaal wat gewoonlik binne ′n eenvoudige vertelstruktuur ′n lokaal-realistiese milieu uitbeeld".


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Ten spyte van ernstige leemtes in die Suid-Afrikaanse historiografie oor hierdie onderwerp is daar heelwat werke wat op verskillende aspekte van die onderwerp lig werp. In hierdie verband is ongepubliseerde verhandelinge van onskatbare waarde. Coetzer (1975) behandel die rassevraagstuk as verdelingsfaktor tussen die Nasionale Party (NP) en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) vanaf 1924 tot 1929 breedvoerig. Le Roux (1972) dui die veranderde houding van die NP aan die hand van verskeie kongresbesluite vanaf 1935 tot 1939 aan sonder om ′n bevredigende verklaring vir die ommeswaai in beleid te gee. Verder plaas hy die klem op die kleurlingstemregkwessie[1] as geskilpunt tussen die NP en die Verenigde Party (VP). Haines (1978) behandel die opposisie teen die Kleurlingregte-wetsontwerp slegs sydelings. Shifrin (1962) gee ′n breedvoerige uiteensetting van die Kleurlingregte-wetsontwerp asook die motiewe wat daartoe aanleiding gegee het. Hy poog ook om ′n moontlike verklaring te gee vir waarom daar besluit is om nie die wetsontwerp deur te voer nie. Shifrin (1962) bied ′n nuttige inleiding tot die onderwerp. Sy behandel egter die wetsontwerp in isolasie en laat na om dit in ′n breë konteks te plaas.

Van der Ross (1986) gee ′n tentatiewe verklaring waarom die NP van die Kleurlingregte-wetsontwerp afgesien het sonder om die verwikkelinge rondom die kleurlingstemregkwessie in breër konteks te plaas. Verder lê hy klem op die reaksie van die politieke bewegings onder die kleurlinge tot die vernaamste uitdagings wat hulle moes trotseer.

Giliomee (1995) gee heelwat kritiese insigte rondom die kwessie. Volgens hom (1995:219) het Hertzog se beleid nooit ′n *volte face* ondergaan nie – soos sommige historici te kenne gee.

Lubbe (1991) se studie bied ′n kritiese oorsig van die NP se vryery na die kleurlingstem tydens die 1929-verkiesing, wat sy beskou as ′n formatiewe historiese moment in die politieke gekiedenis van die kleurlinge. Lubbe (1997) bied ook ′n insiggewende blik op die politieke opportunisme van die NP en *Die Burger* tydens die berugte Swart Gevaar-verkiesing van 1929.

Thompson (1949) se werk bevat ′n waardevolle kroniek oor die stryd tussen die noordelike tradisie en die Kaapse liberale tradisie rakende die kleurlingstemregkwessie.

Schoeman (1977) gee ′n betekenisvolle oorsig van die parlementêre verkiesings van 1929, 1933 en 1938.

Die biografieë van genl. J.B.M. Hertzog (Neame 1962 en Van den Heever 1946), dr. D.F. Malan (Malan 1959; Thom 1980) en sen. F.S. Malan (Cloete 1976) werp min lig op die onderwerp. Verder verwaarloos algemene werke soos Breitenbach (1974), Cope (1965), Cronje (1948) en Walker (1968) ook die onderwerp.

Aangesien die stryd oor die kleurlingstemreg in 1930 en 1931 in die parlement gevoer is, is daar vir die doel van hierdie artikel aansienlik van *Debatte van die Volksraad* gebruik gemaak. Die private dokumente van politici soos F.S. Malan (AG 583), T. Boydell (AG 1473) en A.L. Geyer (AG 1890) is geraadpleeg, maar het geen insiggewende feite opgelewer nie. Gevolglik berus hierdie artikel hoofsaaklik op


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

kontemporêre, sekondêre, amptelike en periodieke publikasies. Politieke organisasies van die kleurlinge, soos die African Political Organisation (APO) en die Afrikaanse Nasionale Bond (ANB), bestaan lank nie meer nie en amptelike dokumente is oor die jare heen vernietig, of het verdwyn. Gevolglik is hulle reaksie tot die politieke bedrywighede van hierdie tydperk hoofsaaklik aan die hand van periodieke publikasies en enkele dokumente en pamflette wat in die Nasionale Suid-Afrikaanse Biblioteek beskikbaar is, nagespeur.

In 1925 het genl. Hertzog, leier van die NP, sy party se standpunt ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie uiteengesit. Volgens die NP moes die kleurlinge op ekonomiese en politieke gebied by die blankes geïntegreer word, maar nie op sosiale gebied nie. Die blankes in die Kaapprovinsie was aan dieselfde beskawingstoets as die kleurlinge en swartes onderworpe om vir die stemreg te kwalifiseer, in teenstelling met die blankes in die noordelike provinsies, wat ′n ongekwalifiseerde stemreg geniet het. Volgens Hertzog het politieke gelykstelling enersyds beteken dat die gekwalifiseerde stemreg van kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal behoue sou bly. Andersyds sou die gekwalifiseerde stemreg na kleurlinge in die noordelike provinsies uitgebrei word. Die kleurlingkiesers in die noordelike provinsies sou aanvanklik op afsonderlike kieserslyste geplaas word. Hulle sou dan toegelaat word om een blanke verteenwoordiger in die Volksraad te verkies. Na sewe jaar sou die Goewerneur-Generaal deur die parlement gemagtig kon word om die kleurlingkiesers op die algemene kieserslyste in die noordelike provinsies te plaas. In latere weergawes van hierdie wetsontwerp is die periode na tien jaar verander. In ruil vir hierdie vergunning moes die kleurlinge die verwydering van die grondwetlike beskerming van hul regte, ′n klassifikasie van kleurlinge en die verwydering van die swart stem van die gemeenskaplike kieserslyste aanvaar.

Skaars vier jaar later het die NP tot ′n subtiele aanslag op die politieke regte van die kleurlinge oorgegaan. Vanaf 1934 het die "Gesuiwerde" NP ′n onverbloemde aanslag op die kleurlingstemreg geloods. Binne ′n dekade het die NP se amptelike beleid dus verander vanaf ′n beleid van politieke gelykstelling van die kleurlinge met die blankes tot een van afsonderlike parlementêre verteenwoordiging. Na hierdie oënskynlik radikale ommeswaai in die amptelike beleid van die NP ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie word daar in die Suid-Afrikaanse historiografie slegs sydelings verwys.

Hedendaagse rubriekartikels oor die geskiedenis van die NP bewys dat misverstande rondom die kwessie voortduur. Die politieke kommentator Scholtz (2004:15) beweer byvoorbeeld dat die kleurlingstemreg gedurende die tydperk 1924–34 nie slegs aanvaar is nie maar in stand gehou is. Aan die ander kant beweer ′n historikus soos Giliomee (1995) dat daar wel ′n kentering in die NP se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie plaasgevind het, maar daar bestaan meningsverskille oor watter faktore daartoe aanleiding gegee het.

Die doel van hierdie artikel is om te probeer bepaal of die NP se amptelike beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie vanaf 1925 tot 1939 beginselvastheid getoon het en of dit ′n voorbeeld van opportunisme was.

## 2. Generaal Herzog se Kleurlingregte-wetsontwerp, 1926–1932


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Volgens Walker (1936:17) was die stemreg nie ′n twispunt gedurende die eerste vyftien jaar van die Unie van Suid-Afrika nie. In 1925 is dit egter ′n brandpunt gemaak. Walker skryf dit aan twee faktore toe: die sensusverslag van 1921, wat die merkwaardige toename in die swart bevolking relatief tot die blankes aangedui het, en die Randse Opstand van 1922, wat ′n aksie ten gunste van die kleurslagboom was. Dit was veral laasgenoemde wat aanleiding gegee het tot die Pakt tussen die Nasionaliste en die Arbeiders wat in 1924 aan bewind gekom het om blanke Suid-Afrika teen die swart oormag te beskerm.

Die basis van Hertzog, die Suid-Afrikaanse premier en leier van die NP, se segregasiebeleid ten opsigte van die swartes was die strewe om die blanke beskawing teen die swart bedreiging te beskerm (Scholtz 1979:283). Op 13 November 1925 het Hertzog te Smithfield ′n uiteensetting van sy beoogde beleid ten opsigte van die swartes en kleurlinge gegee. Hierdie toespraak (in Scholtz 1979) het die grondslag gevorm van die Hertzog-wetsontwerpe wat vanaf 1926 tot 1936 die politieke toneel oorheers het. Volgens Hertzog kon die swartes se aandrang op sosiale, ekonomiese en politieke gelykstelling met die blankes op die lange duur tot die ondergang van die blanke bevolking lei. Hy het verskeie redes aangevoer waarom die bestaande swart stemreg in die Kaapprovinsie ongewens was. Die vernaamste rede was dat dit later tot agitasie vir die uitbreiding daarvan na die noordelike provinsies sou aanleiding gee. Hertzog het hierna verwys as "die dreigende euwel" wat uiteindelik tot die ondergang van die blankes sou lei (Scholtz 1979:283). Hy het geredeneer dat aangesien die noordelike provinsies nie bereid was om die Kaapse stemreg na die noorde uit te brei en dat swartes tot parlementslede verkies mag word nie, die Kaapse stemreg noodwendig verander moes word. Hertzog het gevolglik, onder andere, die uitbreiding van die bestaande Naturelleraadstelsel in die swart gebiede voorgestel, die stigting van ′n permanente Uniale Naturelleraad, en die vervanging van die Kaapse stemreg vir swartes deur ′n spesiale vorm van verteenwoordiging in die hele Suid-Afrika. Vir hierdie radikale en verreikende voorstelle sou ′n tweederdemeerderheid van beide Huise van die Parlement benodig word. Om die aanvaarding van hierdie voorstelle te fasiliteer het Hertzog ook ′n beleid ten opsigte van die kleurlingstemreg geformuleer. Shifrin (1962:35) het hierna verwys as "the sugar coating around the pill of the abolition of the Cape native franchise".

Hertzog het sy beleid ten opsigte van die kleurlinge reeds in 1919 geformuleer. Volgens Hertzog (in Lewis 1987:124) het die kleurlinge in vele opsigte nader aan die blankes gestaan, en in feitlik alle opsigte van die swartes verskil:

> Hy het ontstaan en bestaan in ons midde; ken geen ander beskawing dan die van die Europeaan, hoeseer hy ook dikwels daarin te kort skiet; is ′n lewens-beskouing toegedaan, wat in die grond ter saak die van die Europeaan is en spreek die taal van die Europeaan as moedertaal.

Om hierdie redes kon daar geen sprake van politieke en ekonomiese segregasie tussen die kleurlinge en die blankes wees nie. Hy het gevolglik voorgestel dat ′n gekwalifiseerde stemreg na die kleurlinge in die noordelike provinsies uitgebrei word. Hy het drie redes hiervoor aangevoer: geen ander oplossing sou die nodige tweederdemeerderheid van beide Huise van die Parlement kry nie; daar was op grond van die geringe getalle van die kleurlinge in die noordelike provinsies geen regverdiging vir die besluit om verskillende beleidsrigtings toe te pas nie; en die behoud van die dualisme het niemand bevoordeel nie, maar slegs die bestaande situasie bemoeilik.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Hertzog het die kleurlingstemregkwessie onafskeidbaar met die swart vraagstuk gekoppel – die uitbreiding van ŉ gekwalifiseerde stemreg na die kleurlinge in die noordelike provinsies sou geskied slegs indien daar instemming was om die swart vraagstuk op te los langs die weg wat deur die NP aangekondig is. Die hoofdoel van die Hertzog-wetsontwerpe was dus om blanke oppergesag te vestig (Lewis 1987:126). Hertzog het nagelaat om te verklaar dat die NP gehoop het om kleurlingstem by die stembus te wen met hierdie oënskynlik goedgunstige gebaar.

ŉ Ontleding van Hertzog se Kleurlingregte-wetsontwerp toon dat dit nie op diepe morele oortuiging berus het nie. Du Pre (1992:64) stel dit onomwonde dat die NP gedurende die periode 1924 tot 1934 nie gedryf is deur oorwegings soos "the Coloured man's dignity or citizenship, nor about humanitarian and moral considerations and a Christian conscience" nie. In dieselfde trant beweer Giliomee (1995:2002) dat die lot van die kleurlinge uiteindelik bepaal is nie deur hul rasse-identiteit nie, maar deur die politieke belange van die belanghebbende politieke partye. Die NP was gedryf deur politieke opportunisme. Die vernaamste indruk wat die Smithfield-toespraak laat, is dat dit van die allergrootste belang was dat die blanke bevolking en die Europese beskawing in Suid-Afrika bestendig en gehandhaaf moes word (Lewis 1987:126). Die grootste enkele bedreiging was die uitbreiding van die Kaapse stemreg na die swartes in die noordelike provinsies.

Hertzog het herhaaldelik beweer dat hierdie beleid ten opsigte van die kleurlingstemreg eenparig deur die Volksraadslede van die NP ondersteun is (Van der Ross 1986:83–4). Daar was egter binne die NP heelwat teenkanting teen die teenwoordigheid van kleurlinge op die gesamentlike kieserslyste in die Kaapprovinsie en die uitbreiding van die stemreg na die kleurlinge in die noorde, ten spyte van Hertzog se openbare verklarings dat dit nie die geval was nie. Reeds in 1922 is ŉ mosie vir die aparte verteenwoordiging van kleurlinge by ŉ takvergadering van die NP in Oudtshoorn aanvaar (Du Plessis 1954:42). Op 2 November 1922 is ŉ soortgelyke mosie in Malmesbury by die Kaaplandse kongres van die NP ingedien, maar dit is nie tot ŉ stemming gebring nie (Du Plessis 1954:17). In 1925 het die Transvaalse hoofkomitee van die NP onder leiding van Tielman Roos, die minister van justisie, die Eerste Minister versoek om die kleurlingvraagstuk te los totdat ŉ bevredigende oplossing vir die swart vraagstuk gevind kon word (Anon. 1925c:ongenommer). Roos het enkele maande vroeër gewaarsku dat die Transvalers nooit sou instem tot die uitbreiding van die stemreg na die kleurlinge in die noordelike provinsies nie (Anon. 1925a:6). Ook in die Vrystaat was daar sterk teenkanting teen Hertzog se Kleurlingregte-wetsontwerp (Coetzer 1975:322).

Daar was egter bemoedigende tekens. Volgens Le Roux en Coetzer (1982) het Hertzog se uiteensetting van die NP se beleid, behalwe vir die negatiewe kommentaar vanuit die Transvaal, gunstige reaksie uitgelok. Berigte in die amptelike mondstukke van die NP (soos Anon. 1925b:6) was ten gunste van die Hertzog-voorstelle. Lubbe (1991:19) meen dat die meeste Nasionaliste die voorgestelde beleid ten opsigte van die kleurlinge "om opportunisties redes" gesteun het. Ook Lewis (1987:120) is die mening toegedaan dat die meeste Nasionaliste die nuwe bedeling ten opsigte van die kleurlinge ondersteun het "out of a self-interest desire to win Coloured votes". Volgens Giliomee (1995:216) was afwering van die Swart Gevaar ŉ groter beweegrede om die kleurlingstemreg na die noordelike provinsie uit te brei as die weerstand daarteen binne die geledere van die Nasionaliste.

In 1926 het Hertzog sy rassebeleid in vier wetsontwerpe beliggaam: die Naturelle-grondwysigingswetsontwerp, die Naturelle-verteenwoordigingswetsontwerp, die Unie-naturelleraadswetsontwerp, en die Kleurlingregte-wetsontwerp. Die


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Kleurlingregte-wetsontwerp het beoog om politieke regte na die kleurlinge in die noordelike provinsies uit te brei. Die wetsontwerp het vir ʼn raad wat deur die Goewerneur-Generaal aangestel word, voorsiening gemaak. Hierdie raad sou ʼn lys opstel van geregistreerde manlike kleurlinge in die Kaapprovinsie, en manlike kleurlinge ouer as 21 in die ander drie provinsies. Verder moes die raad alle swartes van die kieserslyste in die Kaapprovinsie verwyder. Die kleurlingkiesers in die noordelike provinsies sou aanvanklik op aparte kieserslyste geplaas word. Hulle sou toegelaat word om een blanke verteenwoordiger in die Volksraad te verkies. Na sewe jaar sou die Goewerneur-Generaal deur die Parlement gemagtig word om die kleurlingkiesers op die gemeenskaplike kieserslyste te plaas.

Die verwydering van die swartes van die gemeenskaplike kieserslyste in die Kaapprovinsie was ongetwyfeld die middelpunt waarom die wetsontwerpe gewentel het. Die opheffing van klousule 35 van die Suid-Afrika-wet was bedoel om die verwydering van die swartes van die gemeenskaplike kieserslyste in die Kaap te vergemaklik, maar dit het ook beteken dat die kleurlinge in die toekoms met slegs ʼn gewone meerderheid in plaas van ʼn tweederdemeerderheid in die Volksraad en Senaat verwyder sou kon word. Hierdie bepaling was omstrede. Die definisie van *kleurling* het aan die absurde gegrens. Daarvolgens sou ʼn seun van ʼn gemengde huwelik (byvoorbeeld tussen ʼn blanke en ʼn swarte, of ʼn kleurling en ʼn swarte) wat voor die deurvoering van die wetsontwerp gebore is, as kleurling geklassifiseer word, terwyl sy broer wat later gebore is, as ʼn swarte geklassifiseer sou word. Volgens Lubbe (1991:23) sou die eng definisie van die begrip *kleurling* ʼn beduidende aantal kleurlinge van hulle stemstatus ontneem.

Die besluit om lyste van die kleurlingkiesers in die Kaapprovinsie op te stel, kom vreemd voor, aangesien die kleurlinge nog steeds op die gemeenskaplike kieserslyste sou wees. Volgens Malan (in Anon. 1926c:5) was die doel hiervan om ʼn skeiding tussen kleurlinge en swartes te trek. Deur aparte kieserslyste vir swartes in die Kaapprovinsie op te stel sou daar wel ʼn skeiding tussen die groepe getrek word. Volgens Artikel 11 van die Kleurlingregte-wetsontwerp moes alle stemgeregdigde kleurlinge hul kleurlingskap voor ʼn spesiale raad bevestig om te verseker dat slegs blankes en kleurlinge op die gemeenskaplike kieserslyste verskyn. Later is die artikel gewysig sodat bepaal is dat slegs twyfelagtige gevalle na ʼn registrasieraad verwys moes word. Indien die wetsontwerp in sy oorspronklike vorm aanvaar sou gewees het, sou die Artikel definitief tot ʼn afname van kleurlingkiesers op die gemeenskaplike kieserslyste gelei het.

Ook die besluit om die Kleurlingregte-wetsontwerp aan die ander wetsontwerpe te koppel kom vreemd voor in die lig van Hertzog se stellinge oor die wesenlike verskille tussen die kleurlinge en die swartes wat ʼn differensiasie in beleidsrigtings tussen die twee bevolkingsgroepe nie slegs wenslik nie, maar uiters noodsaaklik gemaak het. Die enigste moontlike verklaring hiervoor is dat die NP bereid was om toegewings ten opsigte van die kleurlinge te maak slegs indien dit aan die party die nodige tweederdemeerderheid in ʼn gesamentlike sitting van beide Huise van die Parlement sou besorg om sy Naturelle-verteenwoordigingswetsontwerp deur te loods.

Smuts het die koppeling van die Kleurlingregte-wetsontwerp met die ander wetsontwerpe as ʼn politieke set beskou. Indien die SAP teenkanting teen die politieke segregasie van die swartes sou uitspreek, sou die Nasionaliste die SAP daarvan beskuldig dat hulle gekant was teen die uitbreiding van die kleurlinge se politieke regte. Daarteenoor, indien die SAP die segregasievoorstelle sou goedkeur, sou hulle die ondersteuning van die swart kiesers in die Kaapprovinsie verloor (Lewis 1987:137).


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Daar is te kenne gegee dat die Kleurlingregte-wetsontwerp ʼn poging was om gelyke politieke regte tussen die kleurlinge en blankes te bewerkstellig. Toe die wetsontwerp in die Gesamentlike Sitting onder bespreking was, het Smuts dit beskryf as "ʼn vertrapping van die leer van gelyke regte". Die wetsontwerp het volgens hom beoog om "ʼn skyn van stemreg" na die noorde uit te brei wat g'n selfrespekterende kleurling sou aanvaar nie (in Anon. 1929d:6).

Alhoewel die Afrikaanse Nasionale Bond (ANB) die wetsontwerp in breë trekke verwelkom het, het selfs hulle beswaar aangeteken omdat dit nie gelyke politieke regte vir die kleurlinge teweeg sou bring nie (Lewis 1987:137). Verder is daar beoog om die Natalse kleurlinge in die 1926- en 1927-weergawes van die wetsontwerp van die gemeenskaplike kieserslyste te verwyder. Daar is verder ook geen poging aangewend om direkte verteenwoordiging van die kleurlinge in die Volksraad in te stel nie. Ook in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat sou die kleurlinge op aparte kieserslyste geplaas word – onderworpe aan sekere kieskwalifikasies. Alhoewel die Kleurlingregte-wetsontwerp dus die stemreg na die kleurlinge in die noordelike provinsies sou uitbrei, was die bedoeling geensins om die kleurlinge op ʼn gelyke basis met die blankes te plaas nie. Inteendeel, die politieke regte van die kleurlinge sou wesenlik aangetas word met die opheffing van klousule 35 wat hul stemreg verskans het. Lubbe (1991:23) meen dat die proses van die aftakeling van die kleurlinge se stemreg reeds in 1925 begin het met die aanvaarding van afsonderlike registrasievorms vir blankes en "nieblankes". Die gevolg was dat daar in 1929 450 minder kleurlingkiesers was as in 1921, ten spyte van ʼn toename van die kleurlingbevolking gedurende hierdie tydperk.

Die publikasie van die vier wetsontwerpe in ʼn buitengewone staatskoerant op 23 Julie 1926 het uiteenlopende reaksies uitgelok. Vanaf 1926 tot 1932 het Hertzog verskeie pogings aangewend om die vier wetsontwerpe met die nodige tweederdemeerderheid in ʼn gesamentlike sitting van beide Huise van die Parlement goedgekeur te kry. Die SAP het egter hewig daarteen beswaar aangeteken en voorgestel dat die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk by ʼn nasionale konvensie besleg moes word. In 1929 kon die NP nie daarin slaag om ʼn tweederdemeerderheid vir die wetsontwerpe te kry nie, alhoewel die rekords toon dat die Nasionaliste ten gunste van die wetsontwerp gestem het (Unie van Suid-Afrika 1929, kol. 291–2). Toe die Naturelle-verteenwoordigingswetsontwerp in 1930 na ʼn gesamentlike komitee verwys is, het Hertzog besluit om nie die Kleurlingregte-wetsontwerp deur die komitee te laat ondersoek nie (Unie van Suid-Afrika 1936:3).

Teen 1930 was dit duidelik dat daar ʼn kentering in die beleid van NP ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie plaasgevind het. Daar heers heelwat misverstand oor die redes vir hierdie kentering, aangesien daar nooit ʼn amptelike verklaring in hierdie verband uitgereik is nie. In die volgende afdeling van hierdie artikel sal daar gepoog word om ʼn moontlike verklaring vir hierdie beleidsverandering te gee.

## 3. Waarom Hertzog van sy Kleurlingregte-wetsontwerp afgesien het

Een van die vernaamste redes waarom Hertzog van sy Kleurlingregte-wetsontwerp afgesien het, was die kleurlinge se optrede tydens die 1929-verkiesing.

Vanaf 1902 tot 1930 was die African People's Organization (APO) onder leiding van dr. A. Abdurahman die invloedrykste liggaam onder die kleurlinge. Die APO het die Kleurlingregte-wetsontwerp geheel en al verwerp. Abdurahman (in Anon.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

1926b:ongenommer) het die wetsontwerp beskryf as "one of the biggest political frauds that any political party had ever attempted to 'palm off' on the Coloured people of Southern Africa".

Die Afrikaanse Nasionale Bond (ANB) is in 1924 gestig om die APO te besweer. In die D.F. Malan-versameling (Lêernommer 1/1/8 in die Eben Dönges-sentrum by die Universiteit Stellenbosch) is daar 'n afskrif van die Beginsels en Konstitusie van die ANB in Malan se handskrif. Daar is ook verskeie wysigings aan die oorspronklike dokument in Malan se eie handskrif aangebring. W.B. de Villiers beweer dat hy, Malan en oudsenator Hofmeyr die program opgestel het (Pretorius 1960:116). Daar is dus bewyse dat die Nasionaliste wesenlik bygedra het tot die stigting en beleidsvorming van die ANB. Die ANB het besluit dat elke tak die reg sou hê om met 'n meerderheid stemme te besluit watter party of kandidaat hulle sou ondersteun (D.F. Malan-versameling, Lêernommer 1/1/8:17). In die praktyk het die ANB egter volle ondersteuning aan die NP toegesê. In 'n brief aan die pers het W.H. le Grange, die leier van die ANB, erken dat die ANB vir sy fondse en literatuur van die NP afhanklik was (Van der Ross 1986:79). Hertzog het gehoop dat die kleurlinge tydens die 1929-verkiesing ten gunste van die NP sou stem.

In 1929 was dit die eerste keer dat die rassevraagstuk "stelselmatig deur die NP en sy pers vir partypolitieke en verkiesingsdoeleindes uitgebuit" is (Lubbe 1991:15). Lubbe (1997:111) meen dat die NP se besluit om die "Swart Gevaar" as wapen in die 1929-verkiesing te gebruik, nie hoofsaaklik gebaseer was op 'n vrees vir neerlaag by die stembus of 'n poging om die aandag van hul mislukkings af te lei nie. Volgens Lubbe (1997:112) was die NP se vernaamste dryfveer die strewe om 'n tweederdemeerderheid in die Parlement te verkry sodat Hertzog se rassewetsontwerpe volgens grondwetlike vereistes aanvaar kon word: "Major consideration was the disenfranchisement of the Cape African which since June 1926 had not been possible because the Nationalists' efforts were consistently being thwarted by the SAP in parliament." Hiermee is Murray (1986:253) dit eens.

Die NP het gehoop dat die Swart Gevaar-verkiesingsveldtog daarin sou slaag om die Nasionaliste te verenig, om konserwatiewe SAP-ondersteuners aan te moedig om vir die NP te stem, om die steun van blanke werkers te verseker, en om die kleurlingstem op die NP te verenig (Lubbe 1997:113). Lubbe (1997:116) voer aan dat die hele verkiesingsveldtog in 1928-1929 gefokus het op die diepgewortelde rassisme wat gedurende hierdie tydperk onder blanke Afrikaners – ongeag klas – geheers het. Volgens haar was redaksionele kommentaar en briewe aan die pers in alle NP-gesinde dagblaaie deurspek met houdings van kulturele meerderwaardigheid, statusbewussyn en kleurvooroordeel. Dit is gevoed deur vurige toesprake van prominente NP-leiers. Hertzog, die nasionale NP-leier, is veral gebruik om steun onder die blankes in Natal, die Transvaal en die Oranje-Vrystaat te werf (sien as voorbeeld Anon. 1929f:7), terwyl Malan, die Kaaplandse leier van die NP, hom op die verkiesingsveldtog in die Kaapprovinsie toegespits het.

Verskeie taktieke is gebruik om vrees vir die swartes in te boesem. Lubbe (1997:121) maak melding van die verwysing na die Voortrekkers en die triomf van die Christelike beskawing oor barbarisme op 16 Desember 1838. Daar is selfs na die 1929-verkiesing as 'n ander Bloedrivier verwys. Daar is ook prominensie verleen aan insidente van swart onlus en misdaadstatistiek, en die afname in blanke geboortesyfers. Die NP is voorgehou as die enigste kampvegter vir blanke beskawing, terwyl die SAP – heeltemal verkeerdelik – as die propagandiste van rassegelykheid en integrasie gebrandmerk is (Murray 1986:253). 'n Stem vir die NP is as 'n stem vir blanke Suid-Afrika bestempel.



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

ʼn Ontleding van die 1929-verkiesing toon egter dat hierdie verkiesing nie op die politieke regte van die kleurlinge gefokus het nie. Gedurende die Nasionaliste se veldtog is daar tydens politieke vergaderings met blanke kiesers om opportunistiese redes glad nie melding gemaak van die uitbreiding van die politieke regte van die kleurlinge nie. Tydens politieke vergaderings van kleurlingkiesers wat deur die ANB gereël is en waar Malan soms opgetree het, is daar egter klem gelê op die merkwaardige groei van die ANB sedert 1924 en die bydrae wat die Pakt-regering tot die ekonomiese opheffing van die kleurlingbevolking gelewer het (Anon. 1928:4; 1929c:9; 1929b:7; 1929e:5). Giliomee (2004:392) verwys na laasgenoemde as strategieë "to woo the Coloureds into its fold". Die kleurlinge is ook gewaarsku dat hulle eerste deur die swartes verswelg sou word, aangesien hulle swakker was as die blankes (Lubbe 1997:119).

Volgens Du Pre (1992:59) het die kleurlinge in 1929 11,45 persent van die geregistreerde kiesers in die Kaapprovinsie verteenwoordig, en was hulle in staat om ʼn beslissende rol in minstens 10 van die 58 kiesafdelings te speel. Die ANB het tydens die 1929-verkiesing alles in die stryd gewerp om die SAP in die oë van die kleurlinge in onguns te bring (Van der Ross 1986:82–9). ʼn Ontleding van die verkiesingsuitslae toon egter dat die "Swart Gevaar"-veldtog nie die gewenste uitwerking op die kleurlingkiesers gehad het nie en dat hulle grotendeels vir die SAP gestem het. Noemenswaardige uitsonderinge was Stellenbosch, die Paarl, Swellendam en Riversdal (Lubbe 1991:26). Na raming het slegs tien persent van die kleurlinge in die stedelike kiesafdelings van die Kaapprovinsie vir die NP gestem (Giliomee 1995:218).

Dit was duidelik dat die NP die sentimente van die kleurlinge verkeerd geëvalueer het. Volgens Van der Ross (1986:80) het die Nasionaliste die invloed van die APO, en veral Abdurahman, hopeloos misreken, asook die kleurlinge se lojaliteit teenoor die Britse Koninkryk. Die kleurlinge se ondersteuning van die SAP tydens die 1929-verkiesing was nietemin verrassend, aangesien die NP se beleid van gelyke politieke en ekonomiese regte tydens die 1924-verkiesing aansienlike ondersteuning onder die kleurlingkiesers geniet het (Lewis 1987:126). Toe dit tydens die 1929-verkiesing blyk dat die ANB nie daarin geslaag het om kleurlingsteun te werf nie, het die NP bande met die ANB begin verbreek.

Volgens Lubbe (1991:16) verteenwoordig die 1929-verkiesing ʼn waterskeiding in die NP se politieke beleid ten opsigte van die kleurlinge. Daar was na die 1929-verkiesing druk vanuit die geledere van die NP vir Hertzog om van die Kleurlingregte-wetsontwerp af te sien. Volgens ʼn toenemende aantal Nasionaliste kon die vryery na die kleurlingstem beëindig word sonder enige politieke nadele by die stembus. By die daaropvolgende kongres van die Kaaplandse NP op 4 September 1929 is ʼn voorstel ingedien om ʼn afsonderlike stemreg aan kleurlinge toe te ken (Anon. 1929a:7). Op hierdie stadium het Malan, die Kaaplandse leier van die NP, egter nog aangedui dat hy nie ten gunste van die verwydering van die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste was nie: "As daar nog ʼn skeidslyn gaan wees tussen blankes en kleurlinge, sal die moeilikheid toeneem. Die opposisie sal lekker gebruik daarvan maak en die saak in ʼn verkeerde lig stel." In 1929 het Malan dus geen beginselbeswaar geopper teen die politieke skeiding tussen die blankes en kleurlinge nie, maar daarteen besluit aangesien so ʼn stap nadelige gevolge vir die NP sou inhou.

Hertzog het gehoop dat die toegewinge rakende die kleurlingregte die SAP sou oorreed om die Hertzog-wetsontwerpe in hul geheel te aanvaar. Hertzog het egter nie rekening gehou met die teenstrydige elemente binne die SAP nie. Enersyds was daar die liberale groep wat hoofsaaklik uit oud-Unioniste bestaan het; hulle het ʼn gelykstellingsbeleid voorgestaan. Andersyds was daar groepe in Natal en aan die Witwatersrand wat vir


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Smuts sou verkwalik het indien hy met Hertzog se segregasieplanne sou saamwerk (Coetzer 1975:292–305). Dit het Smuts genoodsaak om ʼn laat-maar-loop-beleid te volg. Vroeg in 1926 was dit reeds duidelik dat Hertzog se pogings tot samewerking met die SAP misluk het. Ten spyte van toegewinge ten opsigte van die kleurlingstemreg was die SAP nie bereid om aan Hertzog die vereiste tweederdemeerderheid te gee om sy wetsontwerpe deur te voer nie. Hertzog kon gevolglik sy Kleurlingregte-wetsontwerp laat vaar en probeer om sy ander drie wetsontwerpe deur middel van gekose en gesamentlike komitees deur te voer. Shifrin (1962:35) se siening dat hierdie wetsontwerp slegs "the sugar coating around the pill of the abolition of the Cape native franchise" was, blyk dus waar te wees.

Met sy wetsontwerp het Hertzog ook probeer om ʼn wig tussen die kleurlinge en die swartes in te dryf. Volgens Malan was daar ʼn sterk moontlikheid dat die kleurlinge met die nodige raadgewing en simpatieke behandeling as "the bulwark and safeguard of the whites and white civilization" sou kon dien (Giliomee 1995:208). Die wetsontwerp het egter die teenoorgestelde invloed gehad, soos die Non-European Conferences in Kimberley in 1927 en in Kaapstad in 1930 bewys het (Van der Ross 1986:90). Hier was dus nog ʼn rede om van die Kleurlingregte-wetsontwerp af te sien.

Lubbe (1991:28) bied ʼn interessante verklaring vir die veranderende beleid van die NP ten opsigte van die kleurlinge:

> In die 1929-verkiesing het Afrikanernasionalisme met behulp van *Die Burger* ʼn stewige hupstoot gekry, en hierdie nasionalisme het dit moeilik gevind om te onderskei tussen vrees vir swart verswelg en die wenslikheid van groter politieke regte vir die kleurlinge.

Die ervaring van die NP met die kleurlingkiesers tydens die 1929-verkiesing was ʼn beslissende faktor in die NP se besluit om die kleurlinge se stemreg af te takel (Lubbe 1991:28). Nadat Hertzog van die Kleurlingregte-wetsontwerp afgesien het, het die NP – nog steeds onder leiding van Hertzog – vanaf 1930 begin met ʼn aanslag op die kleurlingstemreg. Alhoewel die aanslag aanvanklik, tot 1934, nog baie subtiel en verdoesel was, het dit ʼn besliste beleidsverandering verteenwoordig. Van der Ross (1986:89) se stelling dat Hertzog se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie deurgaans konsekwent gebly het en dat sy opregtheid en integriteit bo alle twyfel was, kom dus vreemd voor. Dieselfde geld die uitspraak van Giliomee (1995:219) dat beide Hertzog en Malan se beleid ten opsigte van die kleurlingstemreg oor die jare heen konsekwent gebly het. Die feit bly staan dat die NP in 1926 bereid was om die politieke regte na kleurlingmans in die noordelike provisies uit te brei en om hulle op lang termyn polities op gelyke voet met die blankes te plaas. Na die 1929-verkiesing het die Kleurlingregte-wetsontwerp geleidelik van die politieke toneel verdwyn totdat dit in 1935 heeltemal laat vaar is. Lewis (1987:145) stel dit pertinent: "The franchise legislation of 1930–1 marked the collapse of the Nationalists' New Deal for Coloureds, and exposed the New Deal for the fraud that it was."

Daar sal vervolgens vasgestel word hoe Hertzog om polities opportunistiese redes daadwerklik bygedra het tot die uitbreiding van die blanke stem wat as gevolg daarvan tot die aftakeling van politieke gelykheid tussen die kleurlinge en blankes gelei het. Hertzog was wel konsekwent in soverre hy as leier van die NP nie wou instem tot die verwydering van die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste in die Kaapprovinsie nie. Daarteenoor het Malan ná Samesmelting en die stigting van die "Gesuiwerde" Nasionale Party (GNP) die nuwe party verbind tot die verwydering van die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste in die Kaapprovinsie.



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

# 4. Die subtiele aanslag op die politieke regte van die kleurlinge, 1930–1934

## *4.1 Die Vrouestemreg-wetsontwerp van 1930*

Reeds aan die begin van die 20ste eeu het sekere Suid-Afrikaanse vroue vir die uitbreiding van die stemreg na vroue geagiteer (Shifrin 1962:50). Aan die begin van die twintigerjare was sowel die Arbeidersparty as die SAP ten gunste van hierdie stap, terwyl die NP daarteen gekant was (Anon. 1924:9). Die saak is in 1924 en 1926 na ′n gekose komitee van die Parlement verwys. Daar is aanbeveel dat die stemreg slegs na blanke vroue uitgebrei moes word op dieselfde grondslag as dié waarop blanke mans dit geniet het (Anon. 1926a:11). In 1927 het die SAP in die Volksraad voorgestel dat die stemreg na vroue ongeag ras uitgebrei moes word (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 61). Sowel Hertzog as Malan was gekant teen hierdie stap totdat die swart vraagstuk bevredigend opgelos was. Hertzog het soos volg op hierdie voorstel gereageer:

> Ek sê wat ek altyd gesê het dat ons politiek die kleurling op dieselfde basis as die blanke moet stel. As ek aan ′n beskaafde blanke vrou die stemreg gaan gee, dan is ek ook bereid om dit te gee aan die kleurlingvrou wat die blanke se beskawing bereik het. (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1892)

Malan (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1882) het veral beswaar gemaak teen die feit dat daar nie ′n onderskeid tussen kleurlingvroue en swart vroue bestaan het nie. Dit sou beteken dat die stemreg net aan blanke vroue uitgebrei kon word, en daarteen het hy beswaar geopper, aangesien hy persoonlik graag die stemreg aan kleurlingvroue wou gee (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1883).

Die uitdaging was duidelik: indien die SAP sou help om die Hertzog-wetsontwerpe deur te voer, sou die NP bereid wees om die stemreg na vroue uit te brei. Die SAP was egter van mening dat die uitbreiding van ′n gekwalifiseerde stemreg na vroue nie ′n bedreiging vir die blanke beskawing ingehou het nie. Smuts se standpunt was: “Ek laat my nie afskrik deur die paar kleurlinge nie. Laat ons die blanke vrou die stemreg gee” (Unie van Suid-Afrika 1927, kol. 61302). Die SAP was die mening toegedaan dat baie swart vroue nie aan die stemkwalifikasie-vereistes sou voldoen nie: die blanke kiesers sou na raming met ongeveer 300 000 vermeerder, in teenstelling met die kleurlinge en swartes, wat met slegs 12 000 sou vermeerder (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1293). Smuts het ook die aandag gevestig op die inkonsekwentheid van die NP se argument: die NP was bereid om die stemreg na kleurlingmans in die noordelike provinsies uit te brei, terwyl hulle verseg het om dit na ′n hand vol kleurlingvroue in die Kaap uit te brei (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1302).

In die verkiesingsveldtog van 1929 het die ANB die belofte van Hertzog dat hy ook die stemreg aan kleurlingvroue sou uitbrei, beklemtoon. Volgens die ANB-pamflet moes die belofte van 1928 beskou word as deel van die beleid om die kleurlinge polities en ekonomies op dieselfde basis as die blankes te plaas. Dit was dus noodsaaklik dat die NP die verkiesing wen, sodat hulle die belofte kon nakom (ANB 1929).

Die uitslag van die 1929-verkiesing het, volgens Lubbe (1991:27), ook gelei tot die NP se besluit om voorts liewer op die werwing van die blanke vrouestem te konsentreer as op die stem van kleurlingmans. Vanaf 1928 het die NP ook gereeld aan veral die Nasionale


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Vroueparty belowe dat Hertzog sy belofte ten opsigte van die uitbreiding van die stemreg aan die blanke vroue gestand sou doen, maar by hierdie geleenthede is daar geen melding gemaak van die NP se voornemens om ook die stemreg aan kleurlingvroue uit te brei nie (Anon. 1929d:6; 1930:6). In 1930 het Hertzog die belofte wat hy in 1928 gemaak het, nagekom, maar net ten opsigte van die blanke vroue. Op 6 Maart 1930 het hy die Vrouestemreg-wetsontwerp in die Volksraad ingedien. Die doel van die wetsontwerp was om die stemreg na alle blanke vroue van Suid-Afrika uit te brei (Unie van Suid-Afrika 1930, kol. 1729–34). Hierdie was nie ʼn gekwalifiseerde stemreg nie. Volgens Hertzog was die feit dat die stemreg van manlike blankes in die Kaap aan ʼn beskawingstoets onderworpe was, "ʼn growwe fout" en om die blanke vroue in die Kaap aan ʼn soortgelyke toets te onderwerp, sou die fout "verdubbel" en "intensiveer". Hertzog se rassisme het duidelik geblyk in sy regverdiging van hierdie besluit. Volgens hom was die opvoedingskwalifikasie nie ʼn beskawingstoets nie: "Beskawing het so goed as niks of weinig te doen met intellektuele geskooldheid, maar dit het alles te doen met karakter, met die gemoed" (Unie van Suid-Afrika 1930, kol. 1729–34). Syns insiens is beskawing bepaal deur sedelike beginsels en godsdienstige begrippe wat die karakter vorm. Hy was dus bereid om skoolopvoeding as ʼn maatstaf van beskawing vir kleurlinge en swartes te aanvaar, terwyl blankes daarvan vrygestel moes wees omdat sedelike beginsels en godsdienstige begrippe by hulle inherent aanwesig is: "Ek beweer dat daar geen blanke man of vrou in Suid-Afrika is waarvan ons anders mag verwag as dat hulle wel deeglik as beskaaf beskou word" (Unie van Suid-Afrika 1930, kol. 1729–34).

Hertzog het drie redes aangevoer waarom hy nie bereid was om die stemreg na die kleurlingvroue uit te brei nie (Unie van Suid-Afrika 1930, kol. 1729–34). Eerstens was die blankes bevooroordeeld teen so ʼn stap. Tweedens het hy die SAP geblameer vir die NP se besluit. As hulle nie die Kleurlingregte-wetsontwerp tesame met die ander wetsontwerpe in 1928 verwerp het nie, sou daar ʼn duidelike skeidslyn tussen die kleurlinge en swartes gewees het. Derdens sou die uitbreiding van die stemreg na die kleurlingvroue onder bestaande bepalinge die deur vir swart vroue oopmaak, en hierteen het die NP beginselbesware gehad.

Hierdie redes was hoogs aanvegbaar. Die vooroordeel van sommige groepe blankes teenoor die kleurlinge was ʼn algemeen-aanvaarde feit. Toe Hertzog egter ʼn paar jaar vroeër sy wetsontwerp deur die Parlement probeer voer het, was die vooroordeel blykbaar nie ʼn faktor nie. Die verwerping van die Hertzog-wetsontwerpe deur die SAP het, volgens Hertzog, beteken dat daar nie ʼn duidelike skeidslyn tussen kleurlingvroue en swart vroue bestaan het nie. Dit sou dus volgens hom onmoontlik wees om tussen swart en kleurling te onderskei.

Shifrin (1962:54) stel ʼn pertinente vraag as sy vra waarom Hertzog dan nie voorsiening in sy wetsontwerp gemaak het vir ʼn onderskeid tussen kleurlingvroue en swart vroue as dit dan so ʼn ernstige struikelblok was nie. Of dit wel so ʼn ernstige struikelblok was, is twyfelagtig, aangesien daar reeds in die praktyk op verskeie terreine ʼn onderskeid tussen kleurlinge en swartes getref is. Volgens die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse kleurlingbevolking van 1937 is daar sedert Uniewording tussen 40 en 50 wette aangeneem wat ʼn onderskeid op grond van ras en kleur getref het en die meeste van hierdie onderskeidings was tot die swartes beperk (Unie van Suid-Afrika 1937:215–6). So was daar byvoorbeeld ʼn onderskeid getref tussen stedelike swartes en kleurlinge met betrekking tot die dra van passe. Ook die Pensioenwet van 1928 het tussen kleurlinge en blankes enersyds en swartes andersyds gedifferensieer (Giliomee 1995:214–5). Toe Hertzog se Naturelle-wetsontwerp in 1936 deurgevoer is, was daar verder ʼn duidelike skeidslyn tussen kleurlinge en swartes getref; tog was daar geen poging aangewend om die stemreg na kleurlingvroue in die Kaapprovinsie uit te brei


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

nie. Lubbe (1991:28) se kommentaar in hierdie verband is insiggewend: die inbou van ʼn beskawingstoets in die Vrouestemregwet was nie vir die NP ʼn aanvaarbare kompromis nie, as gevolg van die verwerping van die NP se beleid by die stembus tydens die 1929-verkiesing.

Ten spyte van enkele besware teen sekere klousules van die wetsontwerp het die SAP ten gunste daarvan gestem.

Die Vrouestemregwet het verreikende implikasies ingehou. In die eerste plek het dit bygedra tot die uitskakeling van die kleurblinde Kaapse stemreg en die weg gebaan vir verdere stappe in hierdie rigting. Terselfdertyd het die toevoeging van die vrouestem tot die getal blanke kiesers in die Kaapprovinsie die mag van die kleurlingstem by die stembus aansienlik verminder (Le Roux en Coetzer 1982:403). Hierna het die inperking van die kleurlingstemreg volgens Giliomee (1995:220) ʼn eie dinamika ontwikkel. Verdere stappe in dieselfde rigting was nou net ʼn kwessie van tyd.

### *4.2 Wysigingswetsontwerp op Stemreg van 1931*

Een ongerymdheid wat die Vrouestemreg tot gevolg gehad het, was dat blanke mans in die Kaapprovinsie steeds aan ʼn kwalifikasietoets onderworpe was, terwyl hul vroulike eweknieë gelyke politieke regte met die blankes van die res van Suid-Afrika geniet het. Hierdie ongerymdheid het aan die NP die geleentheid gebied om die Wysigingswetsontwerp op Stemreg in 1931 deur te voer en die politieke mag van die kleurlinge daardeur nog verder af te takel. In 1929 het die kleurlingkiesers naamlik 11,45 persent van die totale Kaapse kieserskorps uitgemaak; hierdie persentasie het in 1931 tot 6,3 persent gedaal (*Union Year Book, no. 23/1946*, aangehaal deur Shifrin 1962:57), toe omtrent 10 000 blanke mans tot die kieserslyste gevoeg is (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 661–2), asook as gevolg van die uitbreiding van die stemreg tot slegs blanke vroue die vorige jaar.

Hierdie wet het ook die politieke segregasie tussen blankes en gekleurdes ʼn stap verder gevoer deurdat daar nou ook ʼn onderskeid tussen blanke en gekleurde mans in die Kaapprovinsie getref is.

Malan het hierdie wet probeer regverdig met ʼn argument soortgelyk aan die een wat Hertzog die vorige jaar gebruik het: as gevolg van ʼn tradisie van 1 000 jaar en die feit dat blankes lank reeds aan verpligte onderwys onderworpe was, moes daar aangeneem word dat elke blanke beskaafd is en aan al die kieskwalifikasies voldoen. Omdat die gekleurdes nog nie aan verpligte onderwys onderworpe was nie, sou daar van hulle verwag word om bewys te lewer dat hulle aan die kieskwalifikasies voldoen as hulle die stemreg wou hê.

Uit die opposisiebanke het daar beskuldigings van "ʼn groot bedrog", "verraad" en "huigelagtige uitlatings" teen die NP opgestyg, omdat die wetsontwerp beskou is as ʼn verbreking van ʼn plegtige belofte dat die kleurlinge op politieke gebied op gelyke voet met die blankes geplaas sou word (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 668–75). Op hierdie beskuldigings het Hertzog geantwoord:

> My beleid wat ek nog altyd verkondig het van die eerste dag af was, dat die Kleurlinge van Suid-Afrika so bestuur moet word, dat hulle uiteindelik polities by ons opgeneem word, maar ek het nooit gesê op dieselfde basis nie [...] (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 668–75)


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Hierdie stelling was egter teenstrydig met die stelling wat Hertzog in 1928 gemaak het: "Ek sê wat ek altyd gesê het, dat op politieke gebied ons die blankes en die kleurlinge gelyk behandel" (Unie van Suid-Afrika 1927–8, kol. 1892). Ook Malan het, volgens Smuts, in 1929 tydens die Kaaplandse kongres van die ANB enersluidende uitsprake gelewer: "Tans egter word die standpunt van genl. Hertzog verstaan en op prys gestel (deur die Kleurlinge), naamlik dat hulle deur die hele Unie op ′n gelyke politieke voetstuk moet staan" (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 673).

Die wetsontwerp het die algemene goedkeuring van die Nasionaliste geniet. Een noemenswaardige uitsondering was dr. A.J. Stals, wat ten gunste van politieke en ekonomiese gelykstelling tussen blankes en kleurlinge was. Sy standpunt het hy op die volgende oorwegings gebaseer: "die gemeenskaplike erfgenootskap vir blanke en kleurling van die blanke beskawing in Suid-Afrika", "die gemeenskaplike taal en godsdiens", "die noue ekonomiese verhouding tussen blankes en kleurlinge", "die gebrek aan afsonderlike grondbesit van die kleurlinge" en "die toenemende trap van beskawing wat deur die kleurling bereik is" (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 683). Syns insiens het toestande sedert 1921 onveranderd gebly en was daar dus geen rede vir die veranderde gedragslyn nie. Nieteenstaande sy ernstige bedenkinge het Stals besluit om as partyman ten gunste van die wetsontwerp te stem.

Die wetsontwerp is sonder veel weerstand aanvaar, omdat die SAP se posisie ongekonsolideerd was.

R.W. Close, ′n lid van die SAP, het die situasie raak opgesom:

> Daardie wetgewing (Vrouestemregwet) was bedoel om die hoeksteen te wees van hierdie wetsontwerp en ek beweer dat hierdie wetsontwerp bedoel is as ′n hoeksteen vir verdere pogings in dieselfde rigting. (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 674)

Latere verwikkelinge in dieselfde jaar nog sou die juistheid van hierdie siening staaf.

### *4.3 Die Wysigingswetsontwerp op Kieswette van 1931*

In 1930 is daar op voorstel van L. Blackwell van die SAP ′n gekose komitee aangestel om die doeltreffendheid van die kieswette na te gaan (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4542). Die aanbevelings van die gekose komitee het gelei tot die Wysigingswetsontwerp op Kieswette wat in 1931 in die Volksraad ingedien is. Die mees omstrede bepaling was ongetwyfeld die een met betrekking tot die bewyslas. Volgens Malan het onkunde en die versaking van pligte aan die kant van die registrasie-amptenare veroorsaak dat mense onwettiglik op die kieserslyste geplaas is (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4546–50). Die bewyslas het voorheen op die beswaarmaker berus om te bewys dat ′n persoon onwettig as ′n kieser geregistreer was. Volgens Malan was hierdie stelsel onbevredigend, omdat dit moeilik was vir ′n private beswaarmaker om bewyse te lewer om ′n man van die kieserslys geskrap te kry. Die bewyslas sou voortaan op die kieser berus om bewys te lewer dat hy wel oor die nodige kwalifikasie beskik. Indien hy in gebreke sou bly om dit te doen, sou sy naam summier van die kieserslys verwyder word.

Op die oog af het die wetsontwerp gelyk na ′n poging om die kieserslyste te "suiwer". Dit is egter betekenisvol dat die beoogde wetgewing nie op die blanke vrou betrekking sou hê nie. Indien daar ′n klag teen ′n blanke vrou ingedien sou word, sou daar nie van haar verwag word om die teendeel te bewys nie, omdat daar ′n "rewolusie en ′n burgeroorlog" sou ontstaan (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4546–50). Die bewyslas sou


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

ook op die beswaarmaker berus in die geval waar die suiwer Europese afkoms van ’n aansoeker om registrasie bevraagteken sou word, omdat dit vir die aansoeker moeilik sou wees “om in die hof te bewys dat hulle van suiwer blanke afkoms is” (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4546–50). Die wetgewing sou net betrekking hê op die Kaapprovinsie en Natal, waar verskeie kieskwalifikasies van toepassing was.

Die wetsontwerp was ’n verdere poging om die aantal gekleurde kiesers te verminder, aangesien hulle tydens verkiesings vir die SAP gestem het. Hierdie gevolgtrekking word gestaaf deur ’n verklaring wat F.C. Erasmus, sekretaris van die NP, op 23 Januarie 1931 tydens ’n vergadering in Malmesbury gemaak het: “Waarskynlik sal binnekort veranderings in die Kieswet gemaak word waardeur die NP gebaat sal word” (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 5170).

Die SAP het hewige kritiek uitgespreek teen die bepaling dat die persoon teen wie ’n klagte ingebring is, verplig sou word om sy saak in ’n hof te verdedig. Om verskillende redes (lang afstande, verlies van lone, weiering van werkgewer) sou baie persone nie in staat wees om hulle saak in die hof te verdedig nie (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4564, 4575, 5150). Die gevolg hiervan sou wees dat talle wettiglik geregistreerde kiesers se name van die kieserslyste geskrap sou word. Verder kon die beoogde wetgewing ook daartoe lei dat daar tegelyk teen ’n groot aantal gekleurde kiesers beswaar aangeteken kon word (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4555–61).

Op 21 Mei 1931 het L. Blackwell, ’n SAP-Volksraadslid, gewaarsku dat die wetgewing tot grootskaalse besware deur enigeen en almal kon lei (Unie van Suid-Afrika 1931, kol. 4555–61).

Blackwell se vrees is aanstons bewaarheid, want die Nasionaliste het die wet gebruik om van talle kleurlingkiesers ontslae te raak. In *The Sun* is daar met eentonige reëlmaat berigte geplaas wat dit bevestig het. By die tweejaarlikse registrasie van kiesers in 1933 is daar byvoorbeeld beswaar aangeteken teen 394 kleurlingkiesers op die kieserslyste van die Paarl. Op die eerste dag van die hofsitting het 250 van die kleurlingkiesers opgedaag om bewyse te lewer dat hulle wel oor die nodige kieskwalifikasies beskik. Op die tweede dag was daar minder as 100, en later selfs nog minder. Die rede hiervoor was die vrees vir die verlies van lone en sake. Daar was selfs ’n geval waar ’n werker ontslaan is omdat hy nie gaan werk het nie (Anon. 1933:7). Van die 109 persone wat wel voor die hof verskyn het, is 77 se besware as ongegrond beskou, 18 se besware toegelaat, drie teruggetrek en 11 teruggehou. Diegene teen wie die besware toegelaat is se huise is onrealisties laag geëvalueer; hulle het gevolglik voortaan nie meer aan die kieskwalifikasies voldoen nie (Anon. 1933:7). Die deputasie van die APO wat in 1935 deur J.H. Hofmeyr, minister van binnelandse sake, te woord gestaan is, het ook getoon hoe onsimpatiek die polisie-amptenare die registrasie van kleurlingkiesers gehanteer het, veral in dorpe soos Elim en Bredasdorp (Anon. 1935:1).

Die nuwe wetgewing het die gewenste effek gehad. In 1935 was daar 1 306 minder kleurlingkiesers as in 1931. Dit het beteken dat die kleurlingkiesers in 1935 slegs 5,6 persent van die totale Kaapse kiesers uitgemaak het in vergelyking met 6,3 persent in 1931.

Gedurende die jare 1930–34 is die mag van die kleurlingstem dus drasties verminder met die Vrouestemregwet, die Wysigingswet op Stemreg en die Wysigingswet op Kieswette. Verder is daar ook ’n kleuronderskeid tussen blankes and kleurlinge in die Kaapprovinsie getref. Die volgende logiese stap sou wees om die kleurlinge op aparte kieserslyste met hulle eie blanke verteenwoordigers te plaas. Hierdie stap is vanaf 1934 onverbloemd en ondubbelsinnig deur die “Gesuiwerde” Nasionale Party aangepak.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

## 5. Die onverbloemde aanslag op die kleurlingstemreg deur die "Gesuiwerde" Nasionale Party (GNP), 1934–1939

Vanaf 1924 tot 1933 het Malan as minister van binnelandse sake Hertzog se rassebeleid heelhartig ondersteun. Daar was egter binne die NP teenkanting teen die teenwoordigheid van kleurlinge op die gesamentlike kieserslyste en die uitbreiding van die stemreg na die kleurlinge in die noorde. Pogings om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste te verwyder is herhaaldelik aangewend, maar is teengestaan deur die party se hoofleiers, omdat dit deur die SAP uitgebuit sou word om kleurlingsteun by die stembus te versterk.

Die gevoel ten gunste van die politieke segregasie tussen die blankes en kleurlinge het teen die agtergrond van die gebeure wat hier bo geskets is, vinnig toegeneem. Adv. F.C. Erasmus, sekretaris van die NP in die Kaapprovinsie, het sy party se standpunt soos volg saamgevat:

> Op politieke gebied het die Kleurlinge in die Kaapprovinsie 'n mag by die stembus geword buite alle verhouding tot hul getalsterkte [...] 25 000 stemgeregtigde kleurlinge en 175 000 blanke manlike kiesers, maar deur hulle blokstem smoor hulle met die 12 000 naturellekiesers die blanke stemreg; hulle keer die skaar om na die kant wat hulle verkies – en dis gewoonlik die Suid-Afrikaanse Party-kant in nie minder as twaalf uit die huidige 58 kiesafdelings. (Anon. 1932:2)

Erasmus het toe laat blyk dat die NP van sy beleid van politieke gelykheid ten opsigte van die kleurlinge afgesien het:

> Dit moet egter teen hierdie tyd duidelik wees dat die party tot 'n ander sienswyse geraak het – miskien omdat hy ontdek het dat die kleurlinge self nie die mate van gelykheid wat die party hulle aangebied het, wou aanvaar nie en verkies het om by die naturelle gereken te word. (Scholtz 1979:308)

Drie afleidings kan van hierdie stelling van Erasmus gemaak word, naamlik dat die NP se beleid van politieke gelykstelling tussen kleurlinge en blankes beperk was, dat die NP reeds voor Samesmelting van hierdie beleid afgesien het (dit wil sê terwyl Hertzog nog die leier van die NP was), en dat daar selfs binne NP-geledere nie sekerheid was presies waarom daar van hierdie beleid afgesien is nie. Volgens 'n berig in *Die Burger* (Anon. 1938:6) sou die aparte verteenwoordiging van die kleurlinge 'n punt in die NP se verkiesingsprogram van 1934 gewees het as dit nie was vir die besluit om 'n koalisieregering tussen die NP en die SAP te vorm nie.

Daar was verskeie redes waarom Malan en sy volgelinge teen die samesmelting met die SAP gekant was. Die vernaamste twispunt was die grondwetlike status van Suid-Afrika in die Gemenebes van Nasies. Gevolglik het hulle weggebreek en op 5 Desember 1934 die "Gesuiwerde" Nasionale Party (GNP) gestig.

Malan en die GNP het gou besef dat daar 'n sterk gevoel teen die teenwoordigheid van kleurlingkiesers op die Kaaplandse kieserslyste was, en hulle het besluit om dit as wapen teen die Verenigde Party (VP) te gebruik. Die besluit ten gunste van die aparte verteenwoordiging van die kleurlinge is in 1936 in beide die program van beginsels en aksieprogram van die GNP ingesluit (Du Plessis 1954:43–4). Die kleurlingstem was nadelig vir die GNP en om hierdie rede moes dit verwyder word uit die arena van die


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

politieke stryd tussen die GNP en die VP, wat volgens die Malanniete ŉ stryd tussen die Afrikaner-republikanisme en Britse imperialisme was. Giliomee (2004:392) voer verder aan dat die Samesmelting en die blanke vrouestemreg ŉ beslissende rol in die besluit van die GNP gespeel het. Volgens verwagtinge sou die gematigde VP alle kleurlinge op hulle verenig. Die mag van die kleurlingstem het ook drasties afgeneem as gevolg van die toekenning van die stemreg aan blanke vroue. Giliomee (2004:393) som die situasie soos volg op: "The actual cost to a party that ignored the coloured vote was much reduced."

Samesmelting van die NP en die SAP het die deurvoering van die Hertzog-wetsontwerpe moontlik gemaak, omdat ŉ tweederdemeerderheid nou binne bereik was. Toe die Naturelleverteenwoordiging-wetsontwerp in 1936 aan die Parlement voorgelê is, het Malan die geleentheid aangegryp om voor te stel dat aparte parlementêre verteenwoordiging ook op die kleurlinge van toepassing gemaak moes word. Dit was die eerste daadwerklike poging van die GNP om die kleurlinge op aparte kieserslyste te plaas.

Joubert (1974:7) het Malan se beredenering soos volg saamgevat:

> In talle opsigte word die kleurling reeds anders behandel as die blankes; die kleurlinge moet uit die politiek gelig word; die ervaring van ander lande bewys dat veelrassige bevolkings die beste deur aparte verteenwoordiging gedien word; in gebiede waar blankes en kleurlinge saamgevoeg was of is – soos in die kerk of politiek – ontstaan daar altyd wrywing.

Volgens talle Nasionaliste was die vernaamste oorweging die handhawing van die blanke beskawing in Suid-Afrika (Joubert 1974). Later in die debat het talle Nasionaliste ter ondersteuning van Malan se wysiging dat die kleurlinge en swartes op aparte kieserlyste geplaas moes word, klem gelê op die misbruik van die kleurlingstem deur blanke politici (Joubert 1974:35–41). Hiervolgens het die SAP in die verlede tydens verkiesings probeer om die kleurlingstem te vang met behulp van verskeie beloftes. Na die verkiesings is hierdie beloftes vergeet. Malan se wysiging is met ŉ oorweldigende meerderheid deur die verenigde vergadering van die twee Huise van die Parlement verwerp: 136 het daarteen gestem, en slegs 22 daarvoor (Joubert 1974:49).

Teen die einde van 1938 het daar ŉ ongekende opbloei in Afrikaner-nasionalisme plaasgevind. Kultuur en politiek het een begrip geword. Op feitlik elke gebied het organisasies wat Afrikaner-nasionalisme bevorder het, tot stand gekom. Daar was byvoorbeeld die Afrikaner-Studentebond, die Voortrekkers, die Afrikaner-Broederbond, die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Hierdie neiging het ook in die handel voorgekom, waar eie banke, assuransieverenigings en vakunies gestig is.

Dié oplewing van Afrikaner-nasionalisme is by die Uniale Kongres van die GNP in November 1938 uitgebuit. Le Roux (1972:326) beskou die kongres as die belangrikste in die geskiedenis van die NP: "Hier het hy sy geloofsbelydenis oor die behoud van die blanke beskawing vir altyd geboekstaaf." By hierdie kongres is daar beginselbesluite geneem teen gemengde huwelike en bloedvermenging, ten gunste van aparte woonbuurte vir blankes en gekleurdes, en ten gunste van ekonomiese en politieke segregasie tussen blankes en gekleurdes.

In September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en is die kleurlingvraagstuk vir eers op die agtergrond geskuif. Na die oorlog het die Nasionaliste hulle aanslag op die kleurlingstemreg in alle erns voortgesit.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

## 6. Slotbeskouing

Soos in die inleiding gestel, heers daar meningsverskille onder historici en politieke kommentators of die NP se amptelike beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie vanaf 1925 tot 1939 opportunisme of beginselsvastheid getoon het. Vir die doel van hierdie artikel word die amptelike beleid van die NP beskou as die beleid wat aanvaar en verkondig is tydens nasionale en provinsiale kongresse en wat beliggaam is in verskeie wetsontwerpe wat deur die NP vir goedkeuring aan die Parlement voorgelê is. Daar word erkenning gegee aan die feit dat daar binne NP-geledere aansienlike opposisie was teen die amptelike beleid van die NP ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie. Hierdie kan hoogstens as die sienswyse van afvalliges beskou word en nie as die NP se amptelike beleid nie. ʼn Feit wat ook dikwels buite rekening gelaat word, is dat Hertzog ná Samesmelting en die stigting van die GNP nie meer die amptelike leier van die party was nie, en sy standpunt kan dus nie meer as verteenwoordigend van die NP se amptelike beleid beskou word nie. Sy konsekwente uitsprake ten opsigte van die teenwoordighied van die kleurlingkiesers op gemeenskaplike kieserslyste in die Kaapprovinsie en Natal konstitueer dus geensins konsekwentheid in die amptelik beleid van die NP nie. Vanaf Samemelting het Malan die amptelike beleid van die GNP beliggaam soos by nasionale en provinsiale kongresse aanvaar en verkondig. Soverre dit hierdie artikel betref, sal daar uitspraak gelewer word of Hertzog, as leier van die NP, se beleid ten opsigte van die politieke posisie van die kleurlinge tussen 1925 en 1934 enigsins verander het. Verder sal daar uitspraak gelewer word of Malan, as leier van die NP in die Kaappovinsie en later as nasionale leier van die GNP, se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie verander het.

Die NP se politieke beleid is deur twee oorwegings oorheers: die stryd om Afrikaner-nasionalisme teen Britse imperialisme gestand te hou, asook die stryd om blanke oppergesag teen die Swart Gevaar te verskans en uit te bou. Alle ander oorwegings was ondergeskik aan hierdie twee dryfvere. In hierdie verband het die NP in die jare 1925 tot 1939 konsekwent opgetree. Dit is teen hierdie agtergrond dat die NP se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie beoordeel moet word.

Vanaf die tweede dekade van die 20ste eeu was die NP verteenwoordigend van Afrikaner-nasionalisme, terwyl die SAP, en later die VP, verteenwoordigend van Britse imperialisme was. In die Kaapprovinsie het die kleurlingstem sedert 1910 ʼn beslissende rol in ʼn aantal sleutelsetels gespeel. Aangesien die kleurlinge oorwegend vir die Engels-georiënteerde politieke partye gestem het, is hulle as ʼn bedreiging vir Afrikaner-nasionalisme beskou. Hiermee het die kleurlinge hulle in die arena van die stryd tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme en die stryd teen swart oorheersing bevind. Die Kleurlingregte-wetsontwerp en die stigting van die ANB was ʼn poging om die kleurlingstem agter die NP te kry en om Afrikaner-nasionalisme te bevorder. Terselfdertyd is met die wetsontwerp beoog om ʼn wig in te dryf tussen die kleurlinge en die swartes en om sodoende mee te help om blanke oppergesag in Suid-Afrika te bestendig. Toe dit blyk dat die wetsontwerp nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is daar besluit om die wetsontwerp te laat vaar en om ondersteuning aan die ANB te onttrek. Giliomee (1995:202) meen heeltemal tereg dat die politieke lot van die kleurlinge nie deur hulle rasse-identiteit bepaal is nie. Dit is ook nie bepaal deur diepe morele en beginselgegronde oorwegings nie, maar deur die politieke belange van die heersende politieke party. Dit dui daarop dat politieke opportunisme ʼn beslissende rol gespeel het in die bepaling van die NP se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie.



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Die Swart Gevaar-verkiesing van 1929 het aan die lig gebring watter magtige wapen die rassevraagstuk in die Suid-Afrikaanse politiek was. Na die samesmelting tussen die NP en die SAP het die GNP die kleurlingstemregvraagstuk as strydpunt aangegryp in die strewe om politieke mag te bekom. Die aftakeling van die kleurlingstemreg was dus nie ’n doel op sigself nie, maar slegs ’n middel om politieke mag te bekom en sodoende Afrikaner-nasionalisme te beveilig teen die aanslag van Britse imperialisme en die Swart Gevaar.

Alhoewel die aftakeling van die kleurlingstem teen 1939 nog nie afgehandel was nie, was die grondslag daarvan toe reeds gelê. Na 1939 was dit slegs ’n kwessie van tyd voordat die kleurlingstem heeltemal afgetakel sou word. Verder kon daar voortgegaan word met verskeie beperkende maatreëls om te probeer om die kleurlinge in ’n posisie van permanente onderhorigheid te dwing en om sodoende Afrikaner-nasionalisme en blanke heerskappy te probeer beveilig.

Met betrekking tot die stryd teen Britse imperialisme en die Swart Gevaar was die NP, en later die GNP, konsekwent in sy beleidsrigtings. Die beleid van die NP ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie getuig egter van politieke opportunisme. Die kleurlingstem is gebruik as ’n politieke speelbal na gelang van omstandighede. In 1925 het Hertzog te kenne gegee dat die NP ten gunste van gelyke politieke regte tussen kleurlinge en blankes was. ’n Ontleding van die Smithfield-toespraak asook die Kleurlingregte-wetsontwerp toon egter dat wat Hertzog voorgestel het, nie ’n beleid van politieke gelykstelling tussen die twee bevolkingsgroepe was nie – anders as wat te kenne gegee is – maar hoogstens ’n onderneming dat die bestaande regte van die manlike kleurlingkiesers in die Kaapprovinsie behoue sou bly en mettertyd op dieselfde basis na die kleurlinge in die noordelike provinsies uitgebrei sou word. Gelyke regte sou beteken het dat kleurlinge net soos die blankes ook direkte verteenwoordiging in die parlement sou geniet – iets wat die NP nooit verkondig het nie. Die Kleurlingregte-wetsontwerp was verder onderworpe aan streng voorwaardes wat die bestaande regte van die kleurlinge nadelig sou beïnvloed. Alhoewel Hertzog te kenne gegee het dat die formulering van die wetsontwerp op diepe morele oortuiging berus het, was dit nie die geval nie. Na die 1929-verkiesing, toe dit geblyk het dat die kleurlinge oorweldigend vir die SAP gestem het, het die NP besluit om die wetsontwerp te laat vaar. Dit het beteken dat die NP onder leiding van Hertzog na die 1929-verkiesing nie meer bereid was om die bestaande politieke regte van die kleurlinge in die Kaapprovinse na die noordelike provinsies uit te brei nie. Dit het ’n ommeswaai in die NP se beleid verteenwoordig.

Na die 1929-verkiesing het die NP besluit om sy ondersteuning by die stembus op ander maniere te bevorder deur onder andere die mag van die swart en kleurlingstem af te takel. Met die Vrouestemregwet van 1930, die Wysigingswet op Stemreg van 1931 en die Wysigingswet op Kieswette van 1931 het die NP onder leiding van Hertzog die mag van die kleurlingstem aansienlik ingekort in belang van die NP en ten koste van die SAP. Verskeie twyfelagtige redes is aangevoer waarom die stemreg nie na kleurlingvroue uitgebrei kon word nie en waarom gelykstelling tussen blanke vroue en mans uiters noodsaaklik was, ten spyte van die feit dat dit die oogmerk van politieke gelykstelling van die kleurlinge met die blankes nog verder sou benadeel. Dit het in 1930 en 1931 geblyk dat beide Hertzog en Malan die kleurlinge as minder beskaaf as die blankes beskou het, en gevolglik was hulle nie geregtig op politieke gelykheid met die blankes nie. Beide het nooit probeer verduidelik op watter wetenskaplike basis hulle die kleurlinge as ’n aparte ras beskou het nie. Volgens Lewis (1987:146) het die kleurlinge se heterogeniteit dit onmoontlik gemaak. Hertzog het die feit dat die NP se beleid ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie drasties verander het, probeer verdoesel deur te verwys na die feit dat die NP nog steeds ten gunste was van die



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

teenwoordigheid van die kleurlinge op die gemeenskaplike kieserslyste in die Kaapprovinsie en Natal. In hierdie verband kan Hertzog se beleid as konsekwent beskou word. Daar bestaan egter geen twyfel nie dat die NP onder Hertzog se beleid vanaf 1925 tot Samesmelting ’n ommeswaai ondergaan het. Die NP was nie meer voornemens om die bestaande politieke regte van die kleurlinge in die Kaapprovinsie na die kleurlinge in die noordelike provinsies uit te brei nie, en het intussen die politieke magte van die blankes aansienlik uitgebrei ten koste van die kleurling- en swart stem. Malan het ook aanvanklik ná 1929 nog probeer wal gooi teen Nasionaliste in die Kaapprovinsie wat die kleurlinge op aparte kieserslyste wou plaas – nie om beginselgegronde redes nie, maar omdat dit deur die SAP by die stembus uitgebuit sou word. Na Samesmelting en die stigting van die GNP het die agitasie om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste te verwyder amptelike partybeleid onder Malan geword. Dit het ’n radikale ommeswaai van die NP se beleid van 1925 verteenwoordig en die hoofrede hiervoor was politieke opportunisme.

Die doel van hierdie artikel was om te bepaal of die amptelike beleid van die NP ten opsigte van die kleurlingstemregkwessie in die periode onder bespreking ’n radikale ommeswaai ondergaan het en, indien wel, watter faktore daarvoor verantwoordelik was. In verband met laasgenoemde verskaf Giliomee (1995:202), op grond van die teorie van Horowitzi, ’n nuttige konteks waarbinne die NP se veranderde beleid beskou kan word:

> [T]he intensification of segregation and the contraction of democratic freedoms result less from class struggles than from battles among political elites about the best ways of promoting their own or their party’s prospects. Whether they resort to the politics of exclusion depends in the first place not on their historical and cultural identities but on the opportunities for sectional political gain which extension or contraction of the franchise offers. Culture can be pushed into the service of either.

Die NP se beleid ten opsigte van die kleurlingstemreg was nie gebaseer op kuturele oorwegings nie, alhoewel kultuur voor 1929 gebruik is as basis vir die beoogde uitbreiding van die kleurlingstemreg en daarna om die stemreg van die kleurlinge in te perk. Sodoende is die politieke belange van die NP bevorder.

## Bibliografie


Afrikaanse Nasionale Bond (ANB). 1929. To all Cape coloured friends in the Union. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Anon. 1924. You can trust him. Smuts’ (sic) great nation-building policy for South Africa. *Cape Times*, 16 Junie, bl. 9.

—. 1925a. Dis jammer. *Die Burger*, 12 September, bl. 6.

—. 1925b. Die groot toespraak. *Die Burger*, 14 November, bl. 6.

—. 1925c. Premier’s native policy. *Cape Argus*, 14 November, ongenommer.

—. 1926a. Votes for European women. Select Committee’s Report. *Cape Times*, 17 Junie, bl. 11.




ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

—. 1926b. Pact condemned by coloured people. Fooled and deluted. The wrongs of the Rights Bill. *Cape Argus*, 17 Junie, ongenommer.

—. 1926c. Dr. Malan se verpletterende antwoord. *Die Burger*, 30 September, bl. 5.

—. 1928. Vooruitgang van kleurlingbevolking. Opregtheid van Nasionale regering. *Die Burger*, 21 November, bl. 4.

—. 1929a. Belangrike besluite op Nasionale Kongres. *Die Burger*, 5 September, bl. 7.

—. 1929b. Dr. Malan in die Eikestad. Wat Nasionale Party vir kleurlinge doen. *Die Burger*, 2 Mei, bl. 7.

—. 1929c. Kleurlinge ontwaak. Monstervergadering bespreek toestande. *Die Burger*, 30 April, bl. 9.

—. 1929d. Sprekende feite. *Die Burger*, 14 Mei, bl. 6.

—. 1929e. Stem vir die regering. Kleurlinge vergader in stadsaal. Wie hul beste vriend is. *Die Burger*, 23 Mei, bl. 5.

—. 1929f. Waarom Nasionale beleid moet seëvier. Genl. Hertzog spreek reusevergadering op Barberton toe. *Die Burger*, 27 Mei, bl. 7.

—. 1930. Genl. Hertzog en vrouestemreg. Hy sal sy belofte hou. *Die Burger*, 27 Mei, bl. 6.

—. 1932. Bewaar S.A. vir die blankes. Gee kleurlinge eie kiesafdelings. *Die Burger*, 9 April, bl. 2.

—. 1933. Nearly 300 coloured voters struck off the roll at Paarl. Nationalist Party's mean action. *The Sun*, 27 Oktober, bl. 7.

—. 1935. Registration and Electoral Law grievances. *The Sun*, 5 April, bl. 1.

—. 1938. 'n Bogpraatjie van genl. Hertzog. *Die Burger*, 21 April, bl. 6.

Breitenbach, J.J. (red.). 1974. *South Africa in the modern world (1910–1970)*. Pietermaritzburg: Shuter en Shooter.

Cameron, T. (red.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika. In woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Cloete, G.S. 1976. 'n Ontleding van direkte kleurlingverteenwoordiging op die munisipale vlak in Suid-Afrika tot 1971. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Coetzer, P.W. 1975. Die verhouding tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, 1924–1929. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Cope, J. 1965. *South Africa*. Londen: Benn.

Cronjé, G. 1948. *Voogdyskap en apartheid.* Pretoria: Van Schaik.

Du Plessis, O. 1954. *Separate representation of voters*. Kaapstad: Verenigde Party.

Du Pre, R.H. 1992. *Strangers in their own country. A political history of the "Coloured" people of South Africa, 1652–1992: An introduction*. History for the Laymen Series – II. Oos-Londen: Southern History Association.

Giliomee, H. 1995. The non-racial franchise and Afrikaner and Coloured identities, 1910–1994. *African Affairs*, 94(375):199–225.

—. 2004. *The Afrikaners: Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.

Haines, R.J. 1978. The opposition to General J.M.B. Hertzog's segregation bills, 1925–1936: A study in extra-parliamentary protest. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Natal.

Joubert, D. (red.). 1974. *Die Kaapse stemreg: Verteenwoordiging vir swart en bruin in 1936, Brandpunte 5*. Kaapstad: Tafelberg.

Le Roux, J.H. 1972. Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1935–1940. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Le Roux, J.H. en P.W. Coetzer. 1982. Die Nasionale Party, Deel 2, Die eerste bewindsjare, 1924–1934. Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Lewis, G. 1987. *Between the wire and the wall: A history of South African "Coloured" politics*. Kaapstad en Johannesburg: David Philip.

Lubbe, H.J. 1991. Vergeet die Arbeiders en wen die "Kleurlinge": Die "Swart Gevaar"-propaganda in Kaapland gedurende die parlementêre verkiesingstryd van 1928 tot 1929. *Kronos*, 18:15–28.

—. 1997. The myth of "Black Peril": *Die Burger* and the 1929 election. *South African Historical Journal*, 37:107–32.

Malan, D.F. 1959. *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

Murray, B.K. 1986. Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924–1948. Die tydperk van 1924 tot 1939. In Cameron (red.) 1986.

Neame, L.E. 1962. *The history of apartheid*. Londen: Pall Mall Press.

Pretorius, G. 1960. *Man van die daad: 'n Biografie van Bruckner de Villiers*. Kaapstad: HAUM.

Schoeman, B.M. 1977. *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910–1976*. Pretoria: Aktuele Publikasies.

Scholtz, G.D. 1979. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VII, 1924–1939.* Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Scholtz, L. 2004. Net begrafnis lê voor. *Die Burger*, 17 April, p. 15.

Shifrin, T. 1962. New deal for coloured people. Ongepubliseerde BA Honneurs-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.


ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Thom, H.B. 1980. *D.F. Malan: A political biography*. Kaapstad: Tafelberg.

Thompson, L.M. 1949. *The Cape coloured franchise*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Unie van Suid-Afrika. 1927. *Debatte van die Volksraad, 28 Januarie tot 29 Junie 1927.* Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1927–8. *Debatte van die Volksraad, 14 Oktober 1927 tot 1 Junie 1928*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1929. *Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement, 12 tot 25 Februarie 1929.* Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1930. *Debatte van die Volksraad, 17 Januarie tot 28 Maart 1930*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1931. *Debatte van die Volksraad, 30 Januarie tot 6 Junie 1931*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1936. *Reports and proceedings of the Joint Committees of both Houses of Parliament on the Native Bills, 1930–1935*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

—. 1937. *Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse kleurlingbevolking, UG no. 54*. Pretoria: Staatsdrukker.

Van den Heever, C.M. 1946. *Generaal J.B.M. Hertzog.* Johannesburg: Central News Agency.

Van der Ross, R.E. 1986. *The rise and decline of apartheid. A study of political movements among the Coloured people of South Africa 1880–1985.* Kaapstad: Tafelberg.

Walker, E.A. 1936. *The Cape native franchise*. Kaapstad: The Continuation Committee of the National Conference on the Native Bills.

—. 1968. *A history of southern Africa*. Londen: Longmans.

## Eindnota

[1] Om praktiese redes is daar besluit om die terme *blankes*, *kleurlinge* en *swartes* te gebruik wanneer daar na die onderskeie bevolkingsgroepe in die tyd onder bespreking verwys word. Waar die term *naturel* egter in wette en wetsontwerpe bevat is, word die oorspronklike terme behou. Die gebruik van hierdie rassekategorieë impliseer egter nie die aanvaarding daarvan nie.



ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za